basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Voorgeskrewe gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord jou vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## INHOUDSOPGAWE


| | | | |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A: GEDIGTE** | | | |
| **Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. "Vincent van Gogh" | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. "Wie's hy?" | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. "besoekersboek" | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. " 'n vigslyer sterf" | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. "Afrikaans" | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **AFDELING B: ROMAN** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 17 |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 17 |
| 12. *Onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 20 |
| 13. *Onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 20 |
| **AFDELING C: DRAMA** | | | |
| **Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAGNOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama (Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

## VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Vincent van Gogh – DJ Opperman**

Jy het as 'n miskende
heilige vergeefs geveg teen die ellende
en die onreg in die krotte van die myn,
in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
en skriklike stryd van God
leer ken, wat mens en boom verknot
in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
in aanbidding van die son kon verwe,
boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
die kantelende landskap in die snelle ligte
geel en groen en blou – alles met koorsige gevlek
tot branding van die skone kon verwek,
toe is Sy hartstog eers in jou volbring
soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

[Bron: *Heilige beeste*, 1947]

DJ Opperman gebruik spesifieke woorde en beelde om Vincent van Gogh as geestelike werker en skilder uit te beeld.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Wie's Hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wié's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat innie straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

[Bron: *Sê Sjibbolet*, 1963]

2.1 Waarom gebruik die spreker vrae in strofe 1? Word hierdie vrae in strofe 2 beantwoord? Motiveer jou antwoord. (2)

2.2 Wat is die effek daarvan dat die woord in versreël 8 alleen geplaas is? (1)

2.3 Benoem die stylfiguur in versreël 13 en verduidelik die betekenis van dié stylfiguur in jou eie woorde. (2)

2.4 Wat is die tema van die gedig? Motiveer hoe die gebroke rym die tema ondersteun. Stem jy saam met die tema van die gedig? Motiveer jou antwoord. (3)

2.5 Watter stemming oorheers in die gedig? (1)

2.6 Waarom is die woordgebruik in hierdie gedig geslaagd? (1)

**[10]**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**besoekersboek – Fanie Olivier**

op die sel se mure het iemand uitgekrap
(of liewer: íngekrap): sy naam en al die dae
van sy duskantse verblyf. gaan mens op stap
deur duikweë stasies onder brûe bly draai die vrae

wie was dié peter? waar kom pam vandaan?
hoe het die vriendskap tussen brian en ed begin?
sou w.a.l. se ouers hom meer as normaal geslaan
het? hoe lank het lieb sy liesbet bly bemin?

ek loer na hiërogliewe. 'n boer het my gewys
waar jagtonele oorgebly het teen die krans.
vóór in die gideons se bybel is 'n lang lys
lesers wat hul teen sterflikheid probeer verskans.

'n kind hoes seer; 'n lam <u>huil stomgemaak</u>. ek skraap
moed bymekaar: ek was hier en hier het ek geslaap.

[Bron: *Skimmellig*, 1978]

3.1 Haal die TWEE opeenvolgende woorde uit versreël 3–4 aan wat op die mense se aardse bestaan dui. (1)

3.2 Herlees versreël 5–6.

Gee die geïmpliseerde betekenis van ELKEEN van die drie vrae. (3)

3.3 Dink jy dat die gebruik van "hiërogliewe" in versreël 9 'n goeie woordkeuse in die gedig is? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Gee die rymskema van versreël 9–12. Wat word hierdie eindrym genoem? (2)

3.5 Benoem die stylfiguur wat in die onderstreepte woorde van versreël 13 voorkom en verduidelik die betekenis daarvan in jou eie woorde. (2)

3.6 Waarom kan ons sê dat die gedigtitel die tema ondersteun? (1)
**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant**

die takelwerk word afgetakel
stadig sien sy geliefdes hom inplof
die bekende vlees na binne stort
hulle sien hom reeds stof word

iets wil huil oor die bros vel
wat soos dun seil oor brose stokke lê
oor die mond wat iets wil sê

die gewig van lug
is vir die hand te swaar
die lyf
nou klein en seer
het byna alles reeds verleer

net die oë bly groter staar
soek na raad teen al die skade
na die genade van sag gaan
na verstaan

[Bron: *Poësiepalet*, Vivlia]

4.1 Wie is "sy" in versreël 2? (1)

4.2 Benoem die stylfiguur in versreël 3. (1)

4.3 'n Deurlopende metafoor word in versreël 1–4 aangetref.

Waaraan word die "vigslyer" gelykgestel? Wat word met dié metafoor geïmpliseer? (2)

4.4 Skryf TWEE aanhalings uit versreël 5–12 neer wat aandui dat die "vigslyer" baie moeg is. (2)

4.5 Noem TWEE redes waarom versreël 16 as die klimaks van die gedig beskou kan word. Waarom is die alleenplasing van die slotwoorde effektief? (3)

4.6 Dink jy die somberheid in die slot ondersteun die titel? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**EN**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Afrikaans – Theo de Jager**

Al sou die jonges vol wellus en drif
tussen die flitse teen jou dans
en jy dronk van die dromme en draaie
en die polsslag van 'n neonnag
oor ons skouers huis toe gesleep word,

al sou die oudstes wat lyfseer en moeg
wil afpak langs 'n skemervuur
voel jy raak te swaar
om op die langpad na môre saam te dra,

en al word jy in die modeseisoen
van gee-en-neem-ooreenkomste
na die uitverkopingsrak toe afgemerk

sal jou spoor deur die woorde wat ons sê
soos 'n ploegvoor oor die Suidland lê.

[Bron: *Woordgilde:* 1998]

5.1 Haal EEN woord uit versreël 1–5 aan om te wys dat die "jonges" passievol oor Afrikaans is. (1)

5.2 Benoem die klankeffek/halfrym in versreël 3 en gee die funksie daarvan in hierdie spesifieke versreël. (2)

5.3 Wie is die "ons" in versreël 5? (1)

5.4 Wat word die strofe genoem wat uit versreël 6–9 bestaan? (1)

5.5 Haal die vergelyking in versreël 10–14 aan en gee die betekenis van die vergelyking in jou eie woorde. (2)

5.6 Wanneer word 'n taal "na die uitverkopingsrak toe afgemerk" (versreël 12)? Dink jy Afrikaans moet na die uitverkopingsrak afgemerk word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

### *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Die tema van *Die kwart-voor-sewe-lelie* kan saamgevat word in Iris se woorde: "Ek glo al sedert my skooldae dat ek soos my botaniese naam die een of ander tyd moet blom."

Bespreek die tema in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Ek het my laaste troefkaart uitgehaal en haar vertel van my gesin. Dit het mense gewoonlik vermaak, maar met haar het dit misluk.

" 'n Huishoudster?" het sy skerp gevra. "Het julle 'n huishoudster?"

Ek het Johanna as onderwerp afgeskryf en op Ma gekonsentreer.

"Vir sulke hulpelose vrouens is daar in hierdie moderne tye nie plek nie," het sy Ma verwerp en die vulsel vir die kalkoen gewelddadig geknie. Die sjerrieglas het nog langs haar gestaan en sy het kort-kort bygevul.

Ek het onthou dat ek besig was om te gesels met 'n vrou wat 'n warmwatertenk kon vervang en het oorgeskakel na Elsa en Kara.

"Sy't haar laat steriliseer? Terwyl sy nog jonk en vrugbaar was?"

Nog 'n bloutjie. Ek het vinnig vertel van verwagtende Kara wat haar huis wou vul met kinders in al die kleure van die reënboog.

"H'm," het sy gesê, nie heeltemal goedkeurend nie. "Hoekom is hulle nie getroud nie? Is hy ook een van die soort mans soos Brian?"

My moed was laag. <u>Miskien moes ek in New York gebly</u> en my deur Joe laat fotografeer het. "Ek weet nie. Ek dink hulle sal trou." Dokter Anders en Frederik en Dora het haar ook nie eintlik geamuseer nie. Bowendien was die skottelgoed afgedroog en weggepak en was ek lus vir loop. Maar in 'n laaste desperate poging het ek haar van die Engel vertel en dit was 'n kolskoot.

"Sowaar?" het sy gesê en die laaste druppels uit die bottel in haar glas gegooi.

7.1 Gee DRIE redes waarom Bettie opgebeur moet word. (3)

7.2 Is Johanna nét 'n huishoudster vir Iris-hulle? Motiveer jou antwoord met 'n spesifieke voorbeeld uit die roman. (1)

7.3 Watter karaktereienskap van Bettie blyk uit haar dialoog (reël 5–7) met Iris? (1)

7.4 Wie is die verteller in TEKS A? Waarom is dié verteller na aanleiding van die onderstreepte sinsdeel effektief? (2)

7.5 Hoe dra Joe tot die konflik tussen Iris en Peter by? Is dié konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

7.6 Die Engel tree as beskermengel in Vermont op.

Noem TWEE maniere hoe die Engel as beskermengel optree. Hoe tree die Engel nié in Vermont vir Iris as beskermengel op nie? (3)

**EN**

**TEKS B**

Toe ek in later jare in die metafisika begin belangstel en haar vertel dat die molekule opgebreek kan word in sy kleinste onderdeel, die foton, en dat daar gevind is die foton het 'n geheue en is dus lewend, was sy ekstaties. Dit was een van die min kere dat sy met groot aandag na my geluister het. So aan my lippe hangend dat ek ongemaklik gevoel het en skielik nie meer seker dat wat ek aan die vertel was, wel die hele waarheid was nie. Maar vir haar was dit voldoende. Meer as voldoende. My stamelende uiteensetting van 'n baie ingewikkelde konsep was presies wat sy wou hoor.

"En julle het altyd vir my gelag," het sy gelukkig gesê. "Julle het altyd gedink ek is getik as ek met die stofsuier gesels. Nou vertel jy my sy molekules was al die tyd lewend en kon my hoor."

Ek het benoud geword, my pa het ongelowig gelag toe sy dit die aand vir hom vertel en my susters het net hulle koppe geskud. Ek het dikwels soos Aspoestertjie gevoel behalwe dat my susters nóg stief nóg lelik was.

Elsa en Kara het net twee jaar verskil, maar voor ek gebore is, het ses leë jare verbygegaan. Uit die aard van die saak was ek dus 'n alleenloper en, soos Polder, iemand wat op oorskietkos geleef het. In Polder se geval was dit sy eie keuse: hy het geweier om geblikte hondekos te eet.

7.7 Watter karaktereienskap van Ma kan jy uit reël 9–11 van TEKS B aflei? Toon Ma hierdie selfde karaktereienskap wanneer sy saam met Pa op die plaas woon? Motiveer jou antwoord. (2)

7.8 Herlees reël 4.

7.8.1 Gee 'n voorbeeld uit die roman waar Elsa en Pa onderskeidelik nie na Iris luister nie. Noem ook die rede wat Elsa én Pa daarvoor gee. (4)

7.8.2 Speel Iris se familie wat haar stilmaak, 'n rol in die skep van haar fantasiewêreld? Motiveer jou antwoord. (1)

7.8.3 Noem DRIE maniere waarop die Engel Iris beïnvloed. (3)

7.9 Waarom voel Iris soos Aspoestertjie? (1)

7.10 Herlees TEKS A (reël 17) en TEKS B (reël 9–11).

Dink jy dat Ma se gesprek met Iris op Ma se hulpeloosheid dui? Motiveer jou antwoord. Waarom, dink jy, het Bettie hierdie vooroordeel teenoor karakters wat sy as "hulpeloos" beskou? (2)

**[25]**

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Verhoudings tussen mense op Manaka – een van die temas in die roman – word in die volgende aanhaling saamgevat: "Miskien sal dit die beste wees om respek te wys vir elke mens wat jy langs die pad kry. Dan sal 'n mens nie so maklik iets doen wat iemand kan laat sleg voel nie."

Bespreek dié stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur na Baas se verhouding met Grace, ouma Essie en Griesel te verwys. **[25]**

### VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Met iemand soos meneer Whitey kan 'n mens nie sê nie ... Miskien sal dit nie so vroeg wees nie." Grace sleepdra die sakke oor die stoepvloer tot by hulle ander goed. "Daar sal tyd wees om terug te gaan hospitaal toe, noudat daar geld is." Sy trek 'n geel plastieksakkie met pille onder die T-hemp uit. "Hulle het veertien tablette gegee. Dit is vir die behandeling van net een grootmens."

"Dit is genoeg."

"Daar was 'n vrou wat pille kom soek het. Sy is met 'n slee ingebring. Baie mense kom Manaka toe as hulle siek of honger is."

"Vertel my iets wat ek nie weet nie. En verskoon my as ek reguit praat. Jy sê die mense praat omdat ek die laaste tyd kwaai is. Ek is nie kwaai nie. Ek is die donder in. En dis hierdie soort ding wat my só gemaak het. Ek hét niks meer om te gee nie."

"Dit is oor jy siek is dat jy nou só praat," skerm Grace.

"Dit het niks met siekte te doen nie. Ek is net heeltemal gatvol! Hoekom dink jy lê die materiaal om my boot reg te maak vir byna 'n jaar onder die plastiekseile en vrot? Hoekom dink jy lyk ek soos ek lyk? Hoekom het ek nie pille gehad toe ék malaria gekry het nie? Maak dit vir julle saak dat ek ook 'n lewe het om te leef? Dink jy ek het Barotseland toe gekom om verantwoordelik te voel vir almal se skete en kwale en hongersnood? Ná my pa en ma deur 'n spul barbare vermoor is?"

9.1 Wat gaan hierdie gesprek tussen Baas en Grace vooraf? (1)

9.2 Wat is die familieverband tussen Whitey en Baas? (1)

9.3 Herlees die onderstreepte sin in reël 3–4.

In watter opsig ondersteun hierdie woorde van Grace haar geloof? Gee TWEE voorbeelde uit die roman waarin Grace se optrede teenoor Baas bevestig dat sy volgens haar woorde lééf. (3)

9.4 Na watter "soort ding" verwys Baas in reël 12? Wat bedoel hy met sy woorde in die onderstreepte sin in reël 12–13? (2)

9.5 Herlees reël 15–21.

9.5.1 Is Baas se uitbarsting geregverdig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

9.5.2 Baas se ouers is vermoor (reël 21). Grace se ouers is op 'n soortgelyke manier doodgemaak.

Watter innerlike konflik wat Baas op Manaka ervaar, is die gevolg van sy ouers se dood? Dink jy Grace se reaksie op die moord van háár ouers beïnvloed Baas se verhoudings op Manaka? Motiveer jou antwoord. (3)

**EN**

**TEKS D**

Ouma Essie klim met haar kierie uit die sendelinge se bakkie. Sy wil nie gehelp word nie. Sy skuifel verby die verwoesting na muluti Joseph se graf toe. Baas en Grace bly langs haar.

Nanna vlug na Baas toe. Hy sit sy een arm om haar, die ander arm om ouma Essie.

"Die duiwel het sy eie vuur gemaak," sê ouma Essie vir die kruis op die graf. "Ons sal sy as saam met die as van die brand met 'n besem van skoon takke wegvee voor ons weer begin bou."

Ouma Essie laat Baas toe om haar na die Land Rover toe te help en in te klim. Grace en Sitali klim agterop.

Nanna gaan sit teen die rantjie.

Toe Baas terugkom, is sy nie meer daar nie. Hy ry na sy kamp toe. Die Datsun staan onder die worsboom. Sy kom met nat hare van die wasplek af aan.

"Ek het jou handdoek en seep geleen."

Hy vat dit en loop teen die rivier af. Die honde loop saam. Waar hy Briekwa begrawe het, gaan sit hy op die skuins stam van die kameeldoring. Die klanke van Nanna se kitaar dryf na hom toe. Wie weet of jy nie met die oog op 'n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie? het ouma Essie gesê.

Is dit dalk ook hoe die familiekwaal werk waarvan Whitey gepraat het? En hoe 'n kampvuur in die nag werk, bo, langs die Zambezi op die Angolagrens waar ...

9.6 Watter soort verteller kom in TEKS D voor? Waarom is dié soort verteller na aanleiding van die onderstreepte sin in reël 1–2 effektief? (2)

9.7 Watter TWEE gebeurtenisse het tot ouma Essie se woorde in reël 6 aanleiding gegee? (2)

9.8 Herlees reël 7–8.

Watter karaktereienskap van ouma Essie blyk uit haar woorde? Is dit vir jou funksioneel dat ouma Essie in reël 7–8 melding maak van " 'n besem van skoon takke"? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

9.9 Hoekom aanvaar Baas Nanna se optrede in reël 15 so maklik? (1)

9.10 Herlees die onderstreepte sin in reël 18–19 van TEKS C en in reël 18–19 van TEKS D.

Hoe het Baas beplan om sy lewe op Manaka te leef? Op watter manier het Ouma Essie se woorde Baas se planne in die wiele gery? Gee telkens 'n rede vir jou antwoord. (4)

9.11 Die "familiekwaal" (reël 20) wat Baas en Whitey deel, dui op 'n boodskap wat die verteller aan die leser wil oordra. Gee dié boodskap in jou eie woorde. (1)

**[25]**

**_VATMAAR_ – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 10: _VATMAAR_ – OPSTELVRAAG**

Oom Flip vat die tema van die roman saam as hy sê: "Die liefde ken nie grense nie."

Bespreek die stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 11: _VATMAAR_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Die Sondag na die pensioendag was ons weer by Ta Vuurmaak se cabin en hy het ons meer van sy waarheid oor Vatmaar vertel:

Terwyl ek in die Pan, soos Du Toitspan genoem is, was om twak, vuurhoutjies en ander dinge te koop, het Ta Vuurmaak gesê, loop ek een van ons boys wat aan die Queen behoort het, raak. Hy het my vertel dat Chai 'n witman se werk gekry het. Ek het toe by die dorpsraadkantoor gaan wag tot dit tyd vir Chai was om te tjaila.

Toe hy my sien, gee hy my twee pond om te koop wat ek nodig het en terug te gaan en ons aardse besittings verder op te pas.

Daai Saterdagmiddag het Chai my by my kaija kom sien. Hy het 'n bottel sjerrie saamgebring en hy het my vertel hoe hy aan die plan vir Vatmaar gekom het. Vatmaar was die naam wat ek aan sy en Corporal Lewis se gesteelde goed gegee het. Nou het hy sommer die plek ook so genoem.

Chai het glo een nag terwyl hy wakker gelê het, die plan gekry vir wat die Engelse 'n settlement noem. In sy gedagtes het hy die plek naby die vlei gesien.

Ek het met George daaroor gepraat, het Chai gesê, en hy het gesê hy sal graag op sy eie saam met Ruth wou bly, opsy van sy en haar mense. Want sy gaan 'n bybie kry. George het weer met sy army-captain gaan praat.

11.1 Watter soort verteller kom in TEKS E voor? Waarom is dié soort verteller nie effektief nie? Haal TWEE opeenvolgende woorde uit reël 1–2 aan wat hierby aansluit. (3)

11.2 Waarom kan Ta Vuurmaak as die "vader" van Vatmaar beskou word? (1)

11.3 Ta Vuurmaak sê dat een karakter skelm-slim is.

11.3.1 Na watter karakter verwys Ta Vuurmaak en waarom noem hy hierdie karakter "skelm-slim"? (2)

11.3.2 Hoe tree Ta Vuurmaak, as een van die Cape Boys, "skelm-slim" op? (1)

11.4 Oom Chai trou later in die roman.

11.4.1 Watter tipe konflik ervaar Oom Chai in sy huwelik? Wat is die oorsaak van hierdie konflik? (2)

11.4.2 Dink jy dit was vir Oom Chai nodig om met Bettie te trou? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS F**

Toe vertel Oom Chai breedvoerig wat in Mister Walker se kantoor gebeur het, en hoe hulle die brief gekry het. Hy het die brief hoog in die lug gehou en gesê: Nou sal ons eerbare George Lewis die brief vir ons voorlees.

Almal was stil, iets ongewoons vir die mense van Vatmaar wat daarvan gehou het om te wys hulle lewe nog.

Oupa Lewies het klaar gelees en almal was vir 'n rukkie stil. Toe sê oom Flip: Mag ek iets vra?

Ja! sê Oom Chai.

Ek het nie verstaan wat onse wit broer gelees het nie. Kan jy wat Chai is dit nie asseblief in onse taal verduidelik nie?

Oom Chai het die brief toe oorgesit in die taal van Vatmaar, Afrikaans.

Nou verstaan ons, het almal soos een man gesê.

Daar was 'n lang stilte. Toe sê 'n mooi ligtekopvrou: Dis beter so. Ons kan nie verwag om die kerksaal en sy staanplek verniet te kry nie. Ons is nie daaraan gewoond om dinge vir niks te kry nie. Ons het nog altyd gewerk vir wat ons wil hê.

Wonnie, sê Oom Chai, nou het jy gepraat. En aan die ander: Laat ons luister na hierdie moeder van Vatmaar. Kom staan hier by ons.

Tant Wonnie het haar van haar twee dogtertjies losgemaak en by die twee mans gaan staan. Toe sê sy met 'n glimlag vir die mense: Ons gaan ons eie hoekerf koop. Sy het na die heel voorste erf gewys en gesê: Daar oorkant, daai erf met die klippe op wat niemand wil hê nie.

11.5 Wanneer het Oom Chai en George Lewis ontmoet? (1)

11.6 Oom Chai en George Lewis ontvang 'n brief van die Du Toitspan-dorpsraad.

11.6.1 Waarom is die briefinhoud vir die Vatmaar-gemeenskap 'n teleurstelling? Watter rede gee die dorpsraad in dié brief aan die Vatmaar-gemeenskap vir hulle besluit? (2)

11.6.2 Stem die gemeenskap se reaksie in TEKS F ooreen met Vatmaar se siening van die Agtste Gebod (Jy mag nie steel nie)? Motiveer jou antwoord. (1)

11.7 Een van die aktuele probleme wat in Vatmaar voorkom, is ongeletterdheid.

Hoe dra Elsa en Oom Chai onderskeidelik by om dié aktuele probleem op te los? (2)

11.8 Watter karaktereienskap van Tant Wonnie kan jy aflei na aanleiding van haar woorde in reël 14–16? Gee TWEE voorbeelde uit die roman waar Tant Wonnie dieselfde eienskap openbaar. (3)

11.9 Dink jy dat Tant Wonnie as die "moeder van Vatmaar" beskou kan word? Motiveer jou antwoord. (1)

11.10 Herlees reël 22.

11.10.1 Hoe sluit dié reël by die inwoners van die Vatmaar-nedersetting aan? Noem EEN ander vroulike karakter in Vatmaar op wie dié woorde van toepassing is en gee ook die rede daarvoor. (3)

11.10.2 Waarom kan dié reël op Corporal Lewis en Ruth van toepassing gemaak word? (1)

**[25]**

***ONDERWÊRELD* – *Fanie Viljoen***

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG**

Die uitdaging van gesag – die tema in hierdie jeugroman – word in die volgende aanhaling saamgevat: "Van wanneer af besluit jy om … gesag te ondermyn?"

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur na Greg Owen se optrede te verwys. **[25]**

**VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS G**

In Challenge 2 kom ek ná 'n gesukkel agter dat Sam, die kamtige netwerkadministrateur, vergeet het om die password file op te stel. Dus is daar niks om my password teen te vergelyk nie.

In Challenge 3 moet ek die password file gaan soek voor ek die password kan crack.

Sukkel-sukkel. Eckardt help met kriptiese leidrade. Dan los hy my. "Dis hoe jy gaan leer. <u>Ek het nie gesê dit gaan maklik wees nie</u>."

Kommer oor my skoolwerk knaag aan my gewete. Die jaar het skaars begin en ek het laat slap lê. Die eerste toetsreeks is voor die deur. Die onderwysers dreig. As Dok Pienaar die slag op kantoor is, kry ons 'n oorvol preke tydens saalbyeenkomste. My binnekant krimp sommer ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie. Ek sal my agterent in rat moet kry. En gou ook. Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.

Dis Februarie en steeds somer. Die reën toor die helderste groene op uit die Drakensberge. Soms is daar 'n donderstorm wat soos 'n laser show deur die hemel flits. In die lug hang die soet reuk van rooigras. Dassies en akkedisse bak op die klippe as die reën ophou en die son uitkom. Soms sien jy 'n lammervanger met sy swart vlerke in die lug draai op soek na 'n karkas.

Ek is besig om 'n stout SMS van Nicole te lees toe my ma bel.

13.1 Waarna verwys "Challenge 2"? (1)

13.2 In reël 1–3 is dit duidelik dat Greg oneerlik optree.

Is Greg die enigste karakter wat oneerlik optree? Motiveer jou antwoord deur na Greg se pa, Dok Pienaar en Eckardt te verwys. (3)

13.3 Herlees reël 6–7.

Word die onderstreepte woorde in reël 7 waar wanneer Eckardt verdwyn? Gee TWEE redes vir jou antwoord. Watter boodskap stuur Eckardt aan Greg die aand voor sy verdwyning? (3)

13.4 Wie gebruik die naam *G-4ce*? (1)

13.5 Waaroor het Greg en Dok Pienaar tydens die sportdag gebots? Word dié konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS H**

"Vandag, Greg, gaan jy jou laaste hacking-les by my kry. Sorry om te sê, maar hierdie een is 'n ball breaker." Hy glimlag weer skeef, maar die glimlag val gou weg en sy gesig word hard. Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie. "Jy het toe die keylogger op jou laptop gekry, nie waar nie? Of moet ek sê iemand ánders het dit gekry? Jy het nie 'n clue gehad dat dit op was nie. Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"

"Wat bedoel jy?"

"Was dit nie in een van my lessies nie?" Eckardt trek sy mond sarkasties. "O, dis reg ja. Ek het daardie een geskip. Hoekom dink jy het ek dit nie vir jou vertel nie, Greg? Take a wild guess!"

"Ek ... ek weet nie ..."

Eckardt skud sy kop. "Jy is toe nie so bright soos wat jy gedink het nie, nè? Greg, my ou pel, ek het jou nie daarvan vertel nie want ek wou nie hê jy moes dit weet nie. Maklik soos dit." Hy bly 'n oomblik stil. Gee die woorde kans om in te sink. "En ek wou nie hê jy moes die keylogger kry nie, omdat ék hom op jou laptop gesit het."

"Wat? Eckardt? Maar hoekom?"

"Hoekom sit 'n mens 'n keylogger op 'n computer? Ek wou sien wat jy doen, natuurlik. Ek moes tog weet hoeveel inligting jy in die hande kon kry. Wanneer jy genoeg uitgevind het oor die Butcher en sy trawante."

13.6 In watter ruimte bevind Greg en Eckardt hulle in TEKS H? Verwoord die innerlike konflik wat Greg in hierdie ruimte ondervind. Word die konflik opgelos? Motiveer jou antwoord. (3)

13.7 Herlees reël 9–10.

Noem TWEE redes waarom Eckardt juis vir Greg kies vir *hacking*-lesse. Wat was die belangrikste les wat Eckardt vir Greg oor *social engineering* geleer het? (3)

13.8 Watter karaktereienskap kan jy onderskeidelik van Eckardt in reël 8–10 en van Greg in reël 11 aflei? Watter EEN van dié karakters het karakterontwikkeling in die roman ondergaan? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)

13.9 Watter soort verteller kom in TEKS H voor? Noem die nadeel van dié soort verteller na aanleiding van reël 17. (2)

13.10 Wie is die Butcher in hierdie roman? (1)

13.11 Herlees reël 15–19 van TEKS G en reël 18–20 van TEKS H.

Is daar 'n verband tussen die onderskeie reëlverwysings enersyds en die verhouding tussen Greg en Eckardt andersyds? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

### *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

In die drama *Krismis van Map Jacobs* ondergaan die hoofkarakter karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

### VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

| | |
|---|---|
| MAP: | Toe sê Gappie Martin vi' my, deur sy balaclava, toe sê hy vir my, Map, die manne wil hê, en hierso is sommer twie ... *(Sy hande bewe.)* Say the word, sê Gappie Martin, en hy sê vir my "Chief" ... |
| APOSTEL GEORGE: | Here, hou onse nuwe broer vas, stáán by hom, nou! |
| MAP: | Die vuilis van 'n Gappie Martin! Ma' hy was die second-in-command. Toe sê hy vir my "Chief", en hy vra vir my mooi ... |
| | *Antie Grootmeisie snik.* |
| MAP: | Toe gee ek in. O God, vergewe my! |
| APOSTEL GEORGE: | Praat maar aan, broer Map ... |
| MAP: | Maar ek sê, 'it was donker ... ek het nie gekan sien nie! *(Stilte, dan bitter.)* Toe gie ek die orders, self! 'Cause hulle kan niks gedoen het sonner my orders nie. Ek is 'ie leader, verstaan! Okay, sê ek, moet net 'ie lat die vrouens skrie nie! Hou hulle monde toe ... *(Angs in sy stem.)* Toe vat hulle die vrouens ... |
| | *Stilte.* |
| APOSTEL GEORGE: | Die Here vergewe ... |
| MAP: | Ek sal ytpraat ... |
| APOSTEL GEORGE: | Ek weet ... |
| MAP: | Toe begin hulle ammal, een vi' een, die twie vrouens ... *(Hy kan amper nie praat nie, maar dwing homself.)* O my God ... En toe, toe glip iemand se hand van die een vrou se mond af, onner hom, en toe skrie sy ... Sy skrie ... En toe wiet ek, cause 'it was onse manier, toe wiet ek hy wurg die vrou ... lat sy stil moet bly ... |
| APOSTEL GEORGE: | Wees met hierdie nuwe broer, Here Jesus ... |
| MAP: | Toe word ek ýskoud ... |

15.1 In watter ruimte vind hierdie gesprek tussen Map en Apostel George plaas? (1)

15.2 Herlees reël 3 en 4.

Watter TWEE gevolge hou Gappie Martin se woorde vir Map se gesin in? (2)

15.3 Hoe dra Map se handeling in TEKS I tot die ontknoping van die drama by? (1)

15.4 Wat is die funksie van die neweteks in reël 9? (1)

15.5 Wat is die rol wat Apostel George in Antie Grootmeisie se lewe én in die lewe van die gemeenskap van die Kaapse Vlakte speel? (2)

15.6 Watter karaktereienskap van Map kan uit sy woorde in reël 20 afgelei word? Noem nog TWEE ander karaktereienskappe van Map soos dit uit die drama blyk. (3)

15.7 Herlees reël 22–27.

Hoe verskil die taalgebruik van Map van dié wat Cavernelis gewoonlik in die drama gebruik? Gee TWEE bewyse uit die drama dat taalgebruik tot konflik tussen die karakters lei. (3)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| | *Blanchie, Maud en Cavernelis in hul flat.* |
| MAUD: | *(gooi haar hande op):* Well, so there you have it! |
| CAVERNELIS: | *(heeltemal uit die veld geslaan):* Maar ... maar Maudie ... Blanchie ... |
| | *Blanchie, met 'n stuk papier – 'n brief in haar hande. Sy huil.* |
| BLANCHIE: | 'Is nie wáár nie ... |
| MAUD: | Maar 'it is wáár! You've read the letter, my dear ... Now stop crying, sweetheart, crying won't help ... |
| | *Blanchie huil.* |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos):* Maar ek het nie gekan dink ... |
| MAUD: | *(wreed):* Maar jy't nooit gekan enigiets nie, Cavernelis-darling! Of course het jy nie gekan dink ... *(Sy lag, sinies. Cavernelis bek-af.)* Blanchie, that's life, my sweetheart ... that's people, man ... You trust them, you trust them, you do things for them, an' they just dump you, like that! *(Sy beduie.)* Trust me, I've been through it all ... |
| CAVERNELIS: | Die vuilgoed ... |
| MAUD: | ... when they've used you, that's it ... Maar ek het vir jou gesê, sweetheart, those white dandies, die klomp fashion-moffies ... hulle sil vir jou use tot lat hulle jou klaar ge-use het, en dan ... dúmp hulle vir jou ... Next pretty girl in the queue, please ... |
| CAVERNELIS: | Die vuilgoed ... En hoekom net ... nóú ... |

| | |
|---|---|
| MAUD: | In the queue, in the béd ... I know the swine, sweetheart! All the sweet talk, all the promises, while hulle jou use vir hulle eie purposes ... |
| BLANCHIE: | *(snikkend):* Daddy ... Antie Maud ... |
| CAVERNELIS: | Maar hulle't gesê ... gebelowe ... jy gaan Paris toe ... |
| MAUD: | ... Cavernelis-darling, "gesê", "gebelowe" ... That's no contract, my dear! |

15.8 Noem die handeling wat tot TEKS J aanleiding gegee het. Watter implikasie hou hierdie handeling vir die Cavernelis-gesin in? Dink jy dit hou uiteindelik positiewe gevolge vir Blanchie in? Motiveer jou antwoord. (3)

15.9 Watter tema kan jy uit TEKS J aflei? Watter boodskap word deur hierdie tema aan die leser oorgedra? (2)

15.10 Herlees reël 24.

Noem TWEE redes hoekom Cavernelis buite sy aard optree. Noem TWEE redes waarom Maud se optrede in TEKS J teenoor Blanchie en Cavernelis ironies is. (4)

15.11 Hoe verskil die stemming wat in TEKS J heers van die stemming in TEKS I? (1)

15.12 Dink jy die gebeure in hierdie gedeelte gee aanleiding tot Cavernelis se selfmoord? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG**

In die drama *Mis* ondergaan die hoofkarakter, Meisie, karakterontwikkeling.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| | *Terwyl MIEM en GERTIE verder praat, skraap MEISIE die bord uit. Die skaapkop en pootjies val hard in die emalje-emmer.* |
| GERTIE: | *(Na 'n stilte. Sag, terwyl sy na die tou kyk wat opgetrek word)* En hoe gaan dit daarbo? |
| MIEM: | *(sug)* Dit gaan, Gertie. Dit gaan. |
| | *Kort stilte terwyl MEISIE nog die bord uitskraap. Die valdeur klap toe.* |
| GERTIE: | Aag, as vannag net eers verby is. Vir weke slaap ek al onrustig. Kry sulke aaklige drome. |
| MIEM: | Werklik? |
| GERTIE: | Ja! |
| MIEM: | Soms is drome nie net drome nie ... soms ... is hulle ... voorspooksels! |
| GERTIE: | Jy moet dit tog nie sê nie, Miem! |
| MIEM: | Dit kan wees. O ja. Ek het 'n gevoel ... hoe sou ek nou sê ... *(klop met haar vuis teen haar bors)* 'n gevoel hier diep, diep binne-in my. *(Onheilspellend)* Vannag sak die donker magte oor ons dorpie neer! |
| GERTIE: | Wat 'n aakligheid! As daar iets gebeur, moet die kerkklok lui. |
| MIEM: | Is dit waar? |
| GERTIE: | Ja. Die wyksusters het vanmiddag vir almal laat weet. En dan moet ons ons kerk toe haas om daar bymekaar te kom. |
| | *Daar is 'n harde klop aan die deur.* |
| MIEM: | *(fluister waarskuwend)* Bly doodstil. |
| | *MEISIE kom nader en staan bang agter haar ma se stoel. Daar is weer 'n klop.* |
| MIEM: | Wie is dit? |
| KONSTABEL: | Konstabel Van der Riet, Mevrou. |
| MIEM: | Konstabel Van der Riet? Ek ken nie so 'n konstabel nie. |
| KONSTABEL: | Ek weet, Mevrou. Ek kom van elders. Deel van die ontplooide waakeenheid. En ek is hierheen gestuur. Julle bly so afgesonderd. Dit kan gevaarlik wees. |
| | *MIEM, MEISIE en GERTIE kyk na mekaar.* |

17.1 Die toneelaanwysings/neweteks in reël 2 gee inligting met betrekking tot die situasie waarin Miem en Meisie hulle bevind.

Wat is hulle situasie? Gee die rede vir dié situasie. (2)

17.2 Is dit nodig vir Gertie om *sag* (reël 4) te praat? Motiveer jou antwoord. (1)

17.3 Herlees reël 5–6.

Wat bedoel Gertie met haar vraag? Waarom is Miem se antwoord so niksseggend? (2)

17.4 Gertie verwys na "vannag" (reël 9).

Gee die datum van "vannag". Dui aan hoekom Gertie glad nie rede het om bang te wees nie en hoekom Meisie 'n moontlike slagoffer is. (3)

17.5 Bewys met TWEE voorbeelde uit die drama dat Miem se optrede in die loop van die drama nié met haar woorde in reël 16–19 ooreenstem nie. (2)

17.6 Word Meisie se reaksie in reël 26–27 deur die eksposisie van die drama genoeg gemotiveer? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)

17.7 Waarom is Konstabel se woorde (reël 32–33) ironies? (1)

17.8 Herlees reël 24–34.

Waarom slaag hierdie gedeelte as die motoriese moment van die drama? (1)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| GERTIE: | *(kyk nog by die venster uit)* Ek sien nou glad nie meer die ligte nie. Hulle't verdwyn agter die silo. |
| | *Die geblaf van honde is nou sagter en word nog sagter totdat dit na sowat tien spreekbeurte glad nie meer hoorbaar is nie.* |
| MIEM: | *(kwaai)* Gertie, kom weg daar by die venster en trek die gordyne toe. 'n Mens weet nooit wie vir ons kan staan en loer nie. |
| MEISIE: | Dink Ma so? Dink Ma daar's iemand daar buite? |
| MIEM: | Kan wees. 'n Mens weet nooit. *(Gerusstellend)* Maar moet jou tog nie ontstel nie. Dan slaap jy weer sleg. Ek is seker jy hoef nie bang te wees nie. Wagter sal ons darem waarsku. En dan is daar natuurlik die konstabel. |
| | *Die KONSTABEL se stok val. GERTIE tel dit vinnig op en gee dit vir hom.* |

GERTIE: Daar's hy, Konstabel!

KONSTABEL: Baie dankie, Juffrou.

GERTIE: Dit is 'n plesier, Konstabel. *(Giggel. Sien vir MEISIE wat 'n sak op die stapel sit)* Die arme kind wat so laat moet werk ... Sy is seker doodmoeg ... Ek dink sy behoort te gaan slaap. Is jy moeg, Meisie?

MEISIE: Ja, ek is.

GERTIE: En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou.

MIEM: *(onwillig)* Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek douvoordag op wees om 'n ogie te hou *(wys na die sakke)* oor die misbesending. Sien ons u môreoggend, Konstabel?

17.9 Op watter manier dra die toneelaanwysings/neweteks in reël 3–4 tot die stemming in TEKS L by? (1)

17.10 Net soos Gertie deur die venster loer (reël 5–7), het Meisie dit dikwels gedoen.

Dink jy Meisie se loerdery deur die venster is funksioneel? Motiveer jou antwoord en dui aan hoe Meisie se optrede die tema van die drama ondersteun. (2)

17.11 Wat is Gertie se motivering vir haar woorde in reël 18–20? Watter karaktereienskap van Gertie blyk uit hierdie woorde? Bewys met TWEE voorbeelde uit die drama dat Miem presies dieselfde karaktereienskap as Gertie het. (4)

17.12 Herlees reël 16–33 van TEKS K en reël 11–21 van TEKS L.

In hierdie twee gedeeltes word verwys na DRIE sake wat by die drama se titel aansluit. Noem dié DRIE sake. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V2**

**FEBRUARIE/MAART 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 34 bladsye.**

## RIGLYNE VIR NASIENERS

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae:
   As die opstelvraag korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die opstelvraag te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**

## AFDELING A: GEDIGTE

## VRAAG 1: OPSTELVRAAG

### Vincent van Gogh – DJ Opperman

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **As geestelike werker ervaar Van Gogh nie vreugde nie, maar pyn/mislukking/ miskenning,** want die woorde "miskende"/"vergeefs"/"pyn"/"skriklike" dui op die stryd en pyn wat hy ervaar het.
- **Die gedig gebruik spesifieke woorde om baie van die lelike/pynlike/seer** wat Van Gogh as geestelike werker beleef het, te noem nl. (in versreël 3) "krotte"/"myn" en in versreël 4: "agterbuurte" en "landerye" (met spesifieke verwysing na mense wat swaargekry het/in armoede geleef het).
- **As geestelike werker het hy die armoede, lyding, swaarkry en sosiale verdrukking van mense ervaar,** want in die sametrekking van "skriklike" (i.p.v. verskriklike) en ander woorde soos "verknot" en "kramptrekke" blyk iets van Van Gogh se ervaring van sy werk as 'n vreugdelose/sukseslose stryd.
- **Van Gogh se werk met verarmde/sukkelende mense sonder hoop of uitkoms was vir hom 'n voortdurende stryd** wat blyk uit woorde soos "verknot" en "kramptrekke" (in versreël 6 en 7)./want D.J. Opperman probeer met die sametrekking van woorde soos "verknot" en "kramptrekke" uitdrukking gee aan Van Gogh se stryd./die woord "verknot" (versreël 6) suggereer die lyding/stryd/verwringing van mense wat dui op Van Gogh se geestelike worsteling.
- **In Opperman se beeldgebruik is die swaarkry van Van Gogh as geestelike werker opvallend,** want hy noem hom 'n "miskende heilige" wat "vergeefs geveg" het.**/**dit word duidelik dat Van Gogh nie sukses behaal het nie./nie bevredigende werk gedoen het nie./dat hy sy werk as 'n "geveg" beleef het.
- **Van Gogh se geestelike werk was vir hom soos om mense en bome saam te knoop tot iets wat saamtrek/kramp (van pyn),** want Opperman maak melding van beelde soos "mens en boom verknot in Sy kramptrekke" ... (versreël 6 en 7).

<u>Dis eers toe Van Gogh 'n skilder word dat die woord- en beeldgebruik verander om sukses, vreugde, skoonheid aan te dui:</u>

- **Van Gogh het dikwels koringgerwe geverf wat sonnig en vrolik was**, want as skilder het hy sukses/vreugde/nuwe lewe/warmte ervaar./die sonnige vrolikheid dui op Van Gogh se veranderde ervaring.
- **As skilder toon Van Gogh nuwe lewe/beweging/verandering** wat in sy kuns neerslag vind in die woord "kantelende" in versreël 10.
- **In die woord "landskap" (versreël 10) kry die leser 'n positiewer onderwerp as "krotte" en "myne"** wat met sy geestelike werk geassosieer word.
- **As skilder kontrasteer woorde soos "in aanbidding van die son" fel met sy werk as geestelike** wat gekenmerk is deur "ellende", miskenning en vergeefsheid.
- **Die woorde in versreël 9 noem onderwerpe wat dikwels in Van Gogh se kuns gebruik is**, t.w. "boere", "wasvrouens" en "gepynigde gesigte" van vroeër word nou, in die nuwe fase van sy lewe, kuns./iets moois/verhef tot skoonheid/die skone.

- Die skilder Van Gogh maak van **opvallende kleure** ("geel", "groen" en "blou", versreël 11) wat lewe, hoop en warmte suggereer gebruik. Dit verskil van sy werk en ervaring as geestelike (**"pyn", "miskende", "ellende").**
- **Dat Van Gogh as skilder met groot drif, hartstog en intensiteit skilder**; word aangedui deur die gebruik van die woord "koorsige" in versreël 11 (wat kontrasteer met "vergeefs).
- **As skilder slaag Van Gogh daarin om die randfigure van die samelewing/die uitgeworpenes/die sukkelende armes** deur middel van kuns tot iets moois/iets met skoonheid te omskep aldus versreël 12 in die woorde "branding", "skone" asook die woord "verwek" (wat verskil van "verknot"/"kramptrekke"/"onreg in die krotte" in die eerste gedeelte van sy lewe.)
- **Die gebruik van personifikasie by "aanbidding van die son" in versreël 7 en 8/die vergelyking in versreël 14 nl. " ... soos groen sipresse tot 'n vlam verwring." ondersteun die feit dat Van Gogh as skilder 'n mate van vreugde en sukses beleef het,** want dit het vir hom gevoel of hy vir die eerste keer doen waarvoor hy geroep is./hy het die kuns as 'n "hartstog"/passie beleef.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

### Wie's Hy? – Adam Small

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | Die leser word by die gedig/boodskap betrek./<br>Die spreker wil die leser laat nadink oor digterskap,/wanneer iemand as 'n digter beskou kan word. √<br><br>Ja<br>Die spreker verduidelik dat die tradisionele siening van digterskap nie noodwendig korrek/die enigste aanvaarbare een is nie./die meeste mense in die straat die eintlike digters is. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>1 |
| 2.2 | Die alleenplasing beklemtoon wending/teenstelling in die gedig./<br>Die alleenplasing wil die wending/teenstelling uithef.<br>Die alleenplasing beklemtoon die antwoord wat die spreker gee.<br>Die alleenplasing dui op die besliste mening van die spreker (dat dit nie net digters is wat poësie skryf nie). √ | 1 |
| 2.3 | Sinekdogee √<br><br>Die gewone mense maak van humor/slim praatjies gebruik.<br>Die gewone mense praat hard./word gehoor.<br>Die gewone mense se woorde dra gewig (hulle het nie 'n gladde mond nie) as hulle God aanroep (oor die dinge wat hulle waarneem). √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.4 | Die gewone mens is die digter en nie net diegene wat in hul studeerkamers sit en skryf nie./<br>Almal wat taal speels en kreatief gebruik, is digters./<br>Gewone mense kan ook skep./<br>Digterskap is nie net om formeel/amptelik te dig nie. √<br><br>Die gebroke rym ondersteun die informele trant van die gedig./ondersteun die gedagte dat die (ware) digter nie deur vaste rymskemas/deur reëls aan bande gelê wil/hoef te word nie. √<br><br>**EN**<br>Ja<br>Die mense op die straat skep met hul vernuftige gebruik van taal soms die mooiste gedigte./beeldspraak.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Digterskap verg baie meer vaardigheid as bloot interessante woordgebruik./ sentimentele gedagtes sonder enige literêre kenmerke. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 2.5 | Ernstig √ | 1 |
| 2.6 | Die woordgebruik ondersteun die tema dat die gewone mens digters is sonder om iets anders as hul spreektaal te gebruik./beklemtoon dat poësie in Kaaps moontlik is./bied aan die leser 'n getroue beeld van wie die spreker in hierdie gedig is. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

### besoekersboek – Fanie Olivier

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | "duskantse verblyf" √ | 1 |
| 3.2 | Die spreker vra vrae oor ...<br>die identiteit van die mens./wie die mens is. √<br>die herkoms van die mens./waar die mens vandaan kom. √<br>die sosiale lewe van die mens./menseverhoudinge. √ | 3 |
| 3.3 | Ja<br>Dit dui daarop dat die mens se (volle) verhaal verborge/(in die besoekersboek) weggesteek/onduidelik is. √ | 1 |
| 3.4 | abab/efef √<br>kruisrym/gekruiste rym √ | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | Oksimoron/Paradoks √<br>Huil kan nie stom (sonder geluid) plaasvind nie./<br>Die lam (wat op Christus kan dui) is stil/stom oor die mense/besoekers wat hul sterflikheid probeer besweer./<br>Die lam huil in stilte./na binne./dra die seer binne. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.6 | Die mens is 'n tydelike besoeker op aarde./verewig/dui sy bestaan in 'n besoekersboek aan./<br>Die mens het 'n behoefte om sy aardse bestaan in 'n besoekersboek te verewig./<br>Die mens wil onthou word vir wat hy/sy op aarde gedoen het, daarom skryf hy/sy in die besoekersboek./<br>Die mens se aardse bestaan/bydrae is soos 'n inskrywing in die metaforiese besoekersboek van die lewe. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

## 'n vigslyer sterf – Vincent Oliphant

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Die vigslyer √ | 1 |
| 4.2 | Eufemisme √ | 1 |
| 4.3 | Aan die sloping/inploffing/aftakeling van 'n gebou./takelwerk van 'n skip wat afgetakel word. √<br><br>Die persoon kan nie verder leef nie./sterf. √ | 1<br><br>1 |
| 4.4 | "die mond wat iets wil sê"/<br>"die gewig van lug is vir die hand te swaar" √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE aanhalings vir EEN punt elk aan*. | 2 |
| 4.5 | Die hoofsaak waarna die vigslyer "soek" word laaste opgenoem.<br>Die vigslyer se begrip van sy siekte/dat die dood verlossing bring, word as klimaks gestel.<br>Van al die sake waarmee die vigslyer worstel, word "verstaan" laaste genoem om te beklemtoon hoe belangrik dit is om te verstaan wat met jou gebeur./ hoekom so iets met jou gebeur.<br>Dit is belangrik dat die omstanders die vigslyer/en sy/haar situasie moet verstaan. √√<br><br>*Die kandidaat noem enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk.*<br><br>Dit hef die woorde uit/beklemtoon die vigslyer se soeke na begrip/<br>Die insig waartoe die vigslyer in sy lyding kom, word beklemtoon. √ | 2<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | Ja<br>Die somberheid versterk/ondersteun die feit dat iemand sterf./ondersteun die feit dat die dood met baie onsekerheid/soeke na vrae gepaardgaan. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

### Afrikaans – Theo de Jager

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | "drif"/"wellus"/"dans" √ | 1 |
| 5.2 | Alliterasie/d-alliterasie/dr-alliterasie √<br>Dit hef die hardheid/geweld/aggressie/drif jeens Afrikaans uit. √ | 1<br>1 |
| 5.3 | Gebruikers van Afrikaans/Kampvegters vir Afrikaans √ | 1 |
| 5.4 | Kwatryn √ | 1 |
| 5.5 | "sal jou spoor ... soos 'n ploegvoor (oor die Suidland) lê. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan, bv.*<br>Die Afrikaanse taal het 'n invloed op Suid-Afrika.<br>Die Afrikaanse taal/woorde groei/ontwikkel.<br>Die Afrikaanse taal is deel van Suid-Afrika. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 5.6 | Wanneer die taal nie meer waarde het nie./gebruik word nie./afgeskaf word./nie meer relevant is nie./taalgebruikers verloor. √<br><br>Ja<br>Die wêreldtaal is Engels, nie Afrikaans nie.<br>Afrikaans het nie bestaansreg ten koste van ander landstale nie.<br>Afrikaans is die taal van die onderdrukker wat moet plek maak vir 'n ander gemeenskaplike taal.<br>Ter wille van eenheid in die land behoort die gebruik van Afrikaans verminder/afgeskaf te word.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die taal moenie politiseer word nie.<br>Solank as wat daar mense is wat die taal praat/gebruik, het die taal bestaansreg.<br>Afrikaans het net soveel bestaansreg as wat ander tale het. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke TWEE antwoorde binne konteks van die gedig vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| | | **[10]** |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

### VRAAG 6: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Iris verwoord die sentrale tema as die mens se hunkering na die groot blomoomblik in sy/haar lewe.**/Bv. bl. 104: *Ek glo al sedert my skooldae dat ek, soos my botaniese naamgenoot, die een of ander tyd moet blom.*
- **Iris se hunkering na haar blomoomblik** sluit aan by die betekenis van haar naam./Bv. bl. 10: *'n Iris was nie slegs 'n bolplant nie, maar sy was ook 'n Griekse mitologiese godin, in diens van meer belangrike gode.*
- **Vir Iris hou die betekenis van haar naam verband met die lelie in haar ma se tuin wat net een keer per jaar blom en dit versterk haar begeerte** om haar eie blomoomblik te ervaar./Bv. bl. 187: *... een laatmiddag speel ek met Polder in die tuin en uit die hoek van my oog sien ek 'n beweging, iets wilds tussen die groen ... 'n Blom het oopgegaan. Nie stadig nie, oombliklik.*
- **Iris vrees dat die wonder van haar blomoomblik by haar sal verbygaan** omdat die lelie in haar ma se tuin skielik blom en dan verlep./Bl. 187: *As ek my oë sou geknip het, het ek dit gemis, so vinnig het dit gebeur.*/Bl. 195: *Dink jy ek blom dalk eers na ek dood is?*
- **Iris bly hunker na die groot blomtyd in haar lewe** en sy glo dat, soos die kwart-voor-sewe-lelie, sy haar magiese blomoomblik moet ervaar./Bv. bl. 140: *Elke mens moet een keer in sy lewe die regte ding op die regte tyd doen en só 'n moment van volmaakte sintese beleef.*
- **Iris glo dat sy nie haar kans om te blom moet misloop nie en leef haar hele lewe in afwagting van haar blomtyd**./Bv. bl. 104: *En dit is miskien ook een van die redes waarom ek nie altyd nee sê as ek dit behoort te doen nie ... en dat ek dus te alle tye gereed moet wees en nooit 'n nuwe aanbod van die hand mag wys nie ...*
- **Vir Iris raak dit 'n lewensfilosofie om te wag vir haar blomoomblik**, al is daar opmerkings van ander wat haar laat twyfel./Bv. bl. 140: *Dis tog net die naam van 'n blom, het Bettie gesê ...*/Bl. 140: *Wat een keer per jaar blom, het Peter gesê. En sy het gedink die modelstorie is dalk haar kans.*/Bl. 148: *Dis 'n simpel naam. Blomname vir mense is simpel*.
- **Iris glo dat sy net een kans sal kry om 'n blomoomblik te beleef**, maar Junior weerspreek dit wanneer hy verwys na sy ma se irisse wat ook in die herfs blom./Bv. bl. 148: *My ma s'n blom in die herfs ook, het Junior gesê.*
- **Johanna probeer om Iris se siening omtrent haar spesifieke blomtyd te verander** deur haar daarop te wys dat sy elke dag vir hulle blom./Bv. bl. 87: *Ag, Iris, het sy gesug. Jy blom elke dag vir ons.*
- **Iris is van mening dat ander mense ook blomtye het**; daarom wonder sy hoe Jonsie 'n blomtyd sou hanteer./Bv. bl. 204: *Sy was nie die soort mens wat sou sit en wonder wanneer sy eendag gaan blom nie; sy sou tyd, plek en datum bepaal, die gebeurtenis deeglik beplan en almal wat belangstel, inlig.*

- **Iris besluit om Amerika toe te gaan omdat sy voel dat dit haar tyd is om te blom**, want sy is bang haar een geleentheid daarvoor gaan verby./Bv. bl. 87: *'n Iris blom net een keer per jaar. Ek is aan die oud word en dis tyd dat ek blom.*
- **Iris sien nie die potensiaal van 'n moontlike blomoomblik raak** wat Kara en die Fransman in Frankryk wat haar vir modelwerk wil afneem, sien nie. Iris sien haarself as iemand met 'n doodgewone boeregesig./Bv. bl. 93: *Jy het daardie soort gesig*./Bv. bl. 92–93: *Is jy 'n model? ... As jy wil, sal ek foto's van jou neem.*/Bv. bl. 93: *By die huis, ja, maar hier soek hulle na iets anders.*
- **Iris kry nog 'n geleentheid om te blom** as die fotograaf Joe in New York haar potensiaal as model raaksien./Bv. bl. 119: *Elke fotograaf droom van so 'n ontdekking.*
- **Billy bring Iris terug tot by die realiteit oor haar blomtyd** wanneer hy sê dat nie alle bolle blom nie./Bv. bl. 105: *Dis alles goed en wel dat jy wil blom, maar gestel die man spit jou uit? Hy het gegrinnik vir sy bevredigende beeldspraak. Dit kan ook gebeur. Nie alle bolle kom tot bloei nie*.
- **Iris ervaar Peter se negatiwiteit oor haar soeke na haar blomoomblik** wanneer hy meen dat haar ouers haar nooit Iris moes genoem het nie, want sy sou dan nie soveel verwagtinge gehad het nie./Bv. bl.132: *Jou ouers moes jou nooit Iris gedoop het nie ... As jou naam Marie was, het jy nie so vol idees rondgeloop nie*.
- **Iris word tot haar sinne gebring oor haar blomtyd** wanneer Peter haar voor 'n ultimatum stel en sy kies om saam met hom Vermont toe te gaan in plaas daarvan om die modelkontrak te aanvaar./Bv. bl. 133: *As jy wil blom onder ateljeeligte met mense wat jou deurmekaar gaan boelie, moet jy dit doen. Ek gaan Vermont toe.*
- **Die Engel bring Iris tot insig dat die blomnaam en die lelie niks met haar toekoms te doen het nie**, want 'n naam is net 'n naam./Bl. 187: *Net sowel, het hy gesê. Ek sien geen verband tussen jou lelie en enigiets wat ons vannag bespreek het nie*.
- **Iris word bewus daarvan dat sy ongesiens kan blom** wanneer die Engel haar maan om versigtig te wees, want 'n mens kan blom sonder dat jy dit besef./Bv. bl. 195: *Party mense blom ongesiens, het hy gesê. So onverwags dat niemand dit eers opmerk nie. Soos Ma se lelie*.
- **Iris kom later tot die besef dat 'n mens se hele lewe 'n blomtydperk kan wees** en dat dit nie beperk word tot een magiese oomblik nie. As 'n voorstedelike huisvrou wag sy geduldig saam met Polder, Johanna en die Engel op die kwart-voor-sewe-lelie om te blom./Bv. bl. 220: *Wees geduldig, sê ek. Dis amper tyd.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[25]**

## VRAAG 7: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 7.1 | Bettie voel dat niemand/Brian se kinders haar waardeer/na waarde ag nie.<br>Brian wil nie met haar trou nie./hou net van haar omdat sy goed kan kook./<br>Brian se libido is laag.<br>Bettie se hormone keil haar op./maak haar buierig.<br>Bettie se rug was seer.<br>Bettie se fisiese toestand veroorsaak dat sy opgebeur moet word. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.2 | Nee<br>Johanna dokter Kara met boererate soos 'n ma sal.<br>Johanna vleg die dogters se hare.<br>Johanna tree soos 'n ma by Elsa se troue op deur vir haar 'n blinkdingetjie te leen.<br>Johanna se brief aan Iris in Amerika bevat vermaninge soos wat 'n ma sal skryf./ondersteun Iris dat sy elke dag vir hulle blom.<br>Johanna staan vir Elsa met haar kinders by./<br>Johanna hou ma geselskap as sy in die huis gaan bly nadat Pa plaas toe is. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.3 | Bettie is 'n raakvatter./ongeduldig met ander wat nie aan haar vereistes voldoen nie./prakties ingestel./onafhanklik./uitgesproke. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie, gepaste motivering vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.4 | Iris √<br>Die verteller laat die leser besef dat Iris oor die modelkontrak/haar verlore blomoomblik twyfel. √<br><br>*Aangesien die vraag lui "Wie" die verteller is, kan slegs "Iris" as antwoord aanvaar word.* | 1<br><br>1 |
| 7.5 | Joe neem foto's van Iris om 'n model te word terwyl Peter van haar verwag om saam met hom Vermont toe te gaan./'n ultimatum aan haar stel om onder ateljeeligte te blom terwyl hy Vermont toe gaan. √<br><br>Ja<br>Iris het aan Peter se ultimatum gehoor gegee./het die modelkontrak laat vaar. √ | 1<br><br>1 |
| 7.6 | Die Engel maak Iris wakker om Bettie te help toe sy siek was. √<br>Die Engel pas die kas op waarin die gif gebêre word.√<br><br>Die Engel beskerm nie vir Iris toe sy haar enkel breek nie. √ | 1<br>1<br><br>1 |
| 7.7 | Ma is eksentriek. √<br><br>Ja<br>Sy het by Die Spieël aangesluit./praat met voorvadergeeste.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy tree nou konvensioneel op deur by haar man te woon. √ | 1<br><br>1 |
| 7.8.1 | Elsa maak Iris stil toe sy 'n mening oor Kara en Claude se liefde lug. √<br>Pa maak Iris stil toe sy aan die gesprek rondom Hannes en Elsa se voorgenome troue wil deelneem. √<br>Elsa sê dat Iris te jonk is om saam te praat. √<br>Pa sê dat hulle nie aan Iris se stuiwer 'n behoefte het nie./die susters genoeg moeilikheid veroorsaak. √ | 4 |

| | | |
|---|---|---|
| 7.8.2 | Ja<br>Haar fantasiekarakters luister na mekaar/reageer op gesprekke wat haar familie nie met haar doen nie./Sy soek die geselskap van fantasiekarakters op omdat haar familie nie na haar luister nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Iris het 'n fantasiewêreld geskep omdat sy as jongste alleen was. √ | 1 |
| 7.8.3 | Die Engel is die oorsaak dat Iris se fantasiewêreld verdwyn./<br>Die Engel help haar om tot insig oor haar naam/blomtyd te kom./<br>Die Engel lei haar tot die besef dat sy verantwoordelikheid vir haar eie keuses/ toekoms moet neem./<br>Die Engel help haar om tot insig oor die lewe te kom (dis nie 'n storieboek nie)./<br>Die Engel help haar om Peter/'n voorstedelike bestaan bo 'n modelkontrak te kies. √√√ | 3 |
| 7.9 | Iris kry die speelgoed/klere waarvoor haar susters moeg is./<br>Iris voel sy leef (sonder 'n keuse) op oorskietkos./word afgeskeep./<br>Iris word anders as haar susters behandel./<br>Iris voel dat sy vir ander/haar ouers/susters/onderwysers moet regstaan. √ | 1 |
| 7.10 | *Die kandidaat bied 'n eie, gemotiveerde antwoord aan, bv.*<br><br>Nee<br>Ma is eksentriek/kunstig om met voorwerpe te gesels. √<br><br>Aangesien Bettie self 'n raakvatter is/nie 'n huishoudster nodig het nie, is sy ongeduldig met ander. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

## *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Baas is aanvanklik onwillig om verhoudings met mense aan te knoop**, want hy is stram as Nanna oor hom en Grace wil praat./Bv. bl. 103: *In my lewe is daar nie plek vir 'iemand anders' nie.*/Bl. 137: *Ek kom goed klaar sonder geselskap.*
- **Grace se verhouding met Baas groei uit haar dankbaarheid** omdat hy haar lewe gered het deur sy malariamedisyne vir haar te gee./Bv. bl. 94: *Ek wil jou help. Jy het my lewe gered.*

- **Grace verwerp Baas nie** as hy irrasioneel optree tydens sy malaria-aanvalle nie./skryf sy optrede toe aan die nagevolge van die siekte./Bv. bl. 111: *Jy gaan nog lank sukkel met die nagevolge van die malaria ... Sy sê dit verklaar jou irrasionele optrede.*
- **Grace wen stadigaan Baas se vertroue** sodat hy haar van sy droom vertel./Bv. bl. 127: *Goed, ek is kwaad. Ek sal jou 'n storie vertel. Van 'n skoenlappervanger wat van Kanada af gekom en nege en twintig jaar in Afrika gebly het ...*
- **Grace wys vir Baas dat 'n mens nie moet probeer wegkom van iemand wat jou hulp nodig het nie** wanneer sy weier om te loop toe hy haar vra om huis toe te gaan./Bv. bl. 95: *Maar die Here wil nie hê ek moet verskonings gebruik om weg te kom van iemand af wat my nodig het nie.*
- **Grace en Baas se verhouding groei stadigaan tot 'n verstandhouding en 'n sensitiwiteit vir mekaar**./Bv. bl. 161: *Die moerasfiskale roep. Baas en Grace se oë ontmoet.*
- **Grace en Baas se verhouding groei tot 'n meer permanente een** wat die moontlikheid van 'n toekoms saam suggereer wanneer hulle sáám na die boot stap in die slot van die verhaal./Bv. bl. 246: *Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om die boot wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het te gaan soek.*
- **Grace help Baas om beter verhoudinge met ander te bou wanneer sy hom leer van die tradisies van die khuta en die stam**./Bv. bl. 89: *Die khuta is die oë en ore van die litunga, die koning. Jy het die koning gevloek.*/Bl. 97: *Ons is mense wat hande klap om te wys dat ons mekaar respekteer.*
- **Grace leer vir Baas dat dit soms nodig is om dinge wat pla uit te praat wanneer sy aanbeveel dat hy met die khuta 'n gesprek voer**./Bv. bl. 97: *Maar daar kan nie meer stilgebly word oor probleme nie. Dit laat dit net meer word.*/So leer sy hom om die konflik met die sendelinge te hanteer.
- **Grace wys Baas op die waarde van respek teenoor alle mense**, want dan sal jy nie sommer iets slegs aan ander doen nie./Bv. bl. 100: *... sal dit die beste wees om respek te wys vir elke mens wat jy langs die pad kry. Dan sal 'n mens nie so maklik iets doen wat iemand kan laat sleg voel nie.*
- **Grace leer Baas dat vergewensgesindheid verhoudinge tussen mense verbeter** omdat sy nie 'n wrok koester teen die mense wat haar ouers vermoor het nie./Bv. bl. 78: *Ek was net twaalf jaar oud en dis al dertien jaar gelede dat dit gebeur het.*/Bl. 226: *Die troepe wat die landmyn gestel het, is deur die Zambiese soldate agtervolg, maar hulle het oor die Namibiese grens gevlug. Hulle is nie gekry nie. Was dit Namibiese troepe? vra Baas. Nee, Suid-Afrikaners. Ek ... ek sal gaan kyk of die kos al reg is.*
- **Grace wys Baas op sy verhouding met die Here** omdat sy glo dat die Here hom met 'n doel na Manaka gestuur het./sê hy moet net sy oë en ore oopmaak vir die Here./Bv. bl. 93: *Ook die ore wat die Here jou gegee het, is gemaak om te hoor wat Hy graag wil hê jy moet hoor, nie wat jy graag wil hoor nie.*
- **Grace konfronteer Baas met godsdiens** wanneer sy reguit praat oor sy verhouding met die Here en die keuses wat hy maak./Bv. bl. 63: *As die Here daar by Manaka vir jou kom sê het jy gaan nie van hierdie siekte gesond word nie en daar is net één ding wat jy nog kan kies om klaar te maak ... sou jy die boot gekies het?*
- **Grace ondersteun Baas in sy worstelstryd oor wat van 'n mens 'n Christen maak,** wanneer sy vir hom antwoorde op sy kwelvrae gee./Bv. bl. 228: *Omgee, ja ... En die weet ... Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna.*
- **Ouma Essie en Baas het van die staanspoor af 'n goeie verhouding** omdat sy die twyfel in Baas se geloof kan besweer./Bv. bl. 202: *Jou reg om 'n Christen te wees maak van jou 'n Christen.*
- **Baas leer van ouma Essie dat Christene se verhouding met die Here soms tot twyfel lei**. Soos hy nie sy Bybel kon lees na sy ouers se dood nie het sy ook ten tye van twyfel haar Bybel in die rivier gegooi het./Bv. bl. 163: *Toe het ek, toe ek al 'n ou vrou was, my Bybel in die rivier gegooi, muluti.*

- **By ouma Essie leer Baas die belangrikheid van 'n verhouding** met die Here en onder haar invloed raak hy 'n gereelde leser van sy ma se Bybel./Bv. bl. 240: *... vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees.*
- **Ouma Essie lei Baas tot die besef dat sy verblyf op Manaka nie van ander menseverhoudinge geskei kan word nie/dat hy tog met 'n doel na Manaka gestuur is** as sy sê dat hy deel is van die saadjie wat die Here destyds in Manaka geplant het./Bv. bl.118: *Dit was baie jare na die buffeljagter verdwyn het, toe versorg die Here nog altyd sy plantjie.*
- **Ouma Essie leer vir Baas oor sy verhouding met die Here en die drome wat van Hom af kom** as sy met Baas praat oor sy planne met die boot./Bv. bl. 122: *Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, jongman, ...*
- **Ouma Essie glo in Baas se roeping en vermoë om die geestelike versorging/ geestelike verhoudinge van Manaka oor te neem**, want sy gee haar Joseph se lyfband vir hom./Bv. bl. 121: *Dit is my muluti Joseph se lyfband. 'n Sterk man moet 'n sterk lyfband dra.*
- **Ouma Essie toon empatie met Baas se omstandighede** as sy huil oor die boot wat weg is./wanneer sy huil omdat sy weet hoe belangrik die boot/sy droom vir hom was**.**/Bv. bl. 233: *Ouma Essie kyk na Baas. Haar oë huil.*
- **Baas en Griesel se verhouding is van die staanspoor af ongemaklik: Baas is antagonisties teenoor Griesel** omdat hy sonder sy toestemming in sy kamp ingetrek het./ Bv. bl. 82: *Wat soek julle in my kamp? ... Dit is mý kamp die, sê hy weer. En daardie is my honde se slaapplek. Dit reën!*
- **Baas ignoreer Griesel se hand van vriendskap** omdat hy glo dat om 'n dominee te wees, nie van hom 'n helikopter-pilot maak nie./Bv. bl. 84: *Hy steek hand uit. Baas vat nie sy hand nie. Ons is sendelinge. Dit maak seker nie van 'n mens 'n helikopter-pilot nie, maak dit?*
- **Baas is geïrriteerd met Griesel se arrogansie/meerderwaardigheid** wanneer Griesel aandring op sy basiese regte en nie sy ruimte wil deel nie./Bv. bl.84: *Die helikopter-pilot moet ander plek gaan soek om sy regte uit te oefen.*
- **Griesel vertrou Baas nie** omdat hy agterdogtig is oor die aantrekkingskrag tussen Baas en sy vrou./Bv. bl. 153: *Maar luister nou mooi: My vrou los jy uit.*
- **Griesel toon, as predikant, min empatie met Baas se soeke na antwoorde oor Christenskap en laat so konflik tussen hulle opvlam.**/Bv. bl. 154: *Beslis nie om met 'n wrok in jou hart rond te loop nie. Wat wil jy hê, Chipman? Sy stem klink beheers maar sy baard bewe.*
- **Griesel is selfsugtig in sy verhouding met Baas**, want hy reageer woedend op Baas se versoek om te help om die olifante te verjaag./Bv. bl. 155: *Nee, spiere bult gaan hierdie keer nie werk nie, dominee. Dis nie die soort probleem wat jy met verset kan oplos nie./*Bl. 155: *Jy moet seker van jou sinne af wees om te dink ek kan iets daaraan doen!*
- **In sy verhouding met die mense van Barotseland openbaar Griesel hoogmoed/arrogansie/meerderwaardigheid wat vir Baas wys hoe 'n mens se verhoudinge met ander nie moet wees nie.** Griesel was sy hande nadat hy een van die Lozi's groet./Hy het geen empatie met die Lozi's se sukkelbestaan nie./Sy preek is sonder liefde en omgee.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Baas was in die hospitaal (nadat hy ernstige malaria opgedoen het)./<br>Baas is uit die hospitaal ontslaan. √ | 1 |
| 9.2 | Baas en Whitey het dieselfde oupagrootjie./<br>Hulle is agterkleinneefs. √ | 1 |
| 9.3 | Sy gee om vir ander mense./wil ander mense graag help./leef die Christelike liefdesgebod uit. √<br><br>Sy bly by hom in die hospitaal om hom op te pas./ontferm haar oor die siek Baas, al jaag hy haar weg./versorg die wond aan sy gesig ten spyte van sy woede./<br>Sy loop 40 km Sioma toe om te gaan hoor of daar nie medisyne vir Baas is nie./<br>Sy sorg vir kos deur die hoender gaar te maak sodat Baas die sendelinge kan kos gee./<br>Sy probeer Baas en die khuta se verhoudinge gesond hou./lei hom in in die rituele en gebruike van die stam./<br>Sy help Baas met die herstel van die bankies./die bou van die boot./<br>In Baas se afwesigheid gee sy die honde kos.√√<br><br>*Die kandidaat verskaf enige TWEE soortgelyke antwoorde binne konteks vir EEN punt elk.* | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 9.4 | Sy welsynswerk op Manaka./lewensmiddele wat hy met almal moet deel./<br>Die feit dat almal by hom aanklop om hulp terwyl hy nie meer geld het nie. √<br><br>Hy het die laaste geld uit sy bankrekening onttrek./Hy het nie meer geld nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.5.1 | Ja<br>Sy eie lewe/drome/die boot ly skade omdat hy permanent ander mense se belange moet dien.<br>Grace (vir wie hy die laaste pille geneem het) is die direkte oorsaak daarvan dat hy siek geword het.<br>Hy is gefrustreerd/bekommerd, want hy het nie meer geld nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Dis onnodig om so kwaai te wees met Grace wat vir hom net goed is.<br>Moedeloosheid/Uitdagings/Probleme/Bekommernis gee niemand 'n rede om uit te bars/ongeskik te wees nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE gepaste antwoorde binne konteks van die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 9.5.2 | Baas is gefrustreerd omdat hy niks met die plaaslike bevolking te make wil hê nie (in reaksie op soortgelyke plaaslike mense wat sy ouers vermoor het), maar besluit tog om te help wanneer hulle om hulp/kos/medisyne vra. √<br>Baas wil op Manaka niks met godsdiens/die sendinggedagte te make hê nie (in reaksie op sy ouers se moord), maar aanvaar die aanhoudende konfrontasie met geloof/sendelinge/ouma Essie se woorde. √<br><br>Ja<br>Nadat Baas gesien het dat sy nie 'n wrok teen wit mense koester nie/wit mense vergewe het, het sy gesindheid verander./het hy begin om sy rol as geestelike leier te aanvaar. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 9.6 | Die alomteenwoordige verteller √<br><br>Hy weet selfs wat ouma Essie dink./het nie dialoog nodig om ouma Essie se optrede te verstaan nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Chisupo het in die vuur wat hy self gemaak het, verbrand. √<br>Chisupo het die kerk aan die brand gesteek het. √ | 2 |
| 9.8 | Geloof/Positiwiteit/Vasberadenheid/Deursettingsvermoë √<br><br>Ja<br>Ouma Essie glo dat Chisupo se dood vir die uitbreiding van die geloof op Manaka 'n nuwe tyd inlei./dat die sendingstasie weer tot sy reg sal kom.<br>Ouma Essie verwys na Baas wat in die rol van die nuwe geestelike leier op Manaka ingegroei het./<br>Ouma Essie, wat so na aan die natuur leef, weet dat 'n nuwe besem van takke skoner vee as 'n ou besem./gebruik beelde wat in hulle milieu bekend is. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde binne konteks van die roman aan vir EEN punt elk. Die kandidaat kan nie NEE as 'n antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>2 |
| 9.9 | Baas se konflik met die sendinggedagte/met die sendelinge se teenwoordigheid/Griesel se hoogmoedige houding/Nanna se inmenging in sy lewe is redelik afgeloop./het reeds baie ver gevorder./het reeds groei teweeg gebring./het veroorsaak dat hy gemakliker is met die naasmekaarbestaan van mense in Barotseland./het hom laat besef dat mense op Manaka mekaar nodig het./Baas het gewoond geraak aan Nanna se gemaklike manier van dinge doen./Baas is emosioneel geraak deur die gebeure van die dag. √<br><br>*Die kandidaat bied enige antwoord aan vir EEN punt*. | 1 |
| 9.10 | Hy wou 'n boot op die Zambezi gereed maak./bou om toeriste 'n Afrika-avontuur te gee. √<br><br>Hy wou in sy oupagrootjie se voetspore volg./wou vir sy oupagrootjie die spreekwoordelike skoenlapper vang. √<br><br>**EN**<br><br>Ouma Essie het gesê dat Baas vir 'n tyd soos tóé na Manaka gestuur is.<br>Want Ouma Essie het vandat sy Baas ontmoet het, gesê dat hy 'n Christen is./oor die geestelike krag beskik om haar oorlede man se opvolger te wees.<br><br>**OF** | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Ouma Essie se woorde het tot innerlike konflik by Baas gelei./hom aan sy wortels in die Houtboschberg herinner./hom voortdurend herinner daaraan dat hy 'n Christen is./nie kan weghardloop van sy verantwoordelikhede as Christen nie. √<br><br>Sy het sy dade beoordeel/gesien dat hy goed doen aan ander mense./ Sy het hom voortdurend gehelp om sy innerlike konflik op te los./het hom Bybelgedeeltes gegee om te lees sodat hy antwoorde op sy vrae kan kry./ √<br><br>*Die kandidaat bied telkens TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>1 |
| 9.11 | Om goed te doen aan ander mense, maak jou lewe sinvol./die moeite werd./gee jou motivering om aan te hou./<br>Geen mens kan in afsondering leef asof hy/sy niemand anders nodig het of nie vir ander iets kan beteken nie. √<br><br>*Die kandidaat bied die boodskap in sy eie woorde aan.* | 1 |
| | | **[25]** |

## *VATMAAR* – AHM Scholtz

## VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **George Lewis en Ruth se liefde strek oor rasse- en klassegrense**. George is 'n Engelsman terwyl Ruth 'n Tswana-meisie is./Bv. bl. 12: *I don't see her blackness, you know.*
- **George Lewis en Ruth se liefde strek oor die grense van geletterdheid**, want Ruth se ongeletterdheid staan nie in die pad van George, 'n geletterde man, se liefde nie./Bv. bl. 19: *Ek en George het die papiere geteken en Ruth en haar oom het elkeen 'n kruisie gemaak.*
- **George se liefde vir Ruth strek oor kultuurgrense heen**, want hy is lief genoeg vir Ruth om volgens haar tradisie bogadie vir haar te betaal om met haar te trou./Bv. bl. 18: *Hy was 'n gelukkige man toe hy die naweek voor die troue van die tweeperdkarretjie afklim met die ekstra groot driebeenpot en twee twintig-gelling-dromme vir die pap*.
- **George en Chai se vriendskap verteenwoordig liefde/omgee oor rasgrense**, want Chai is 'n Afrikaanssprekende bruinman en George Lewis is 'n Brit./Bv. bl. 12: *Toe sit hy sy hand op my knie en sê: Charlie, you are the only friend I have.*
- George neem Chai, sy vriend, in sy vertroue as hy hom van **sy liefde vir Ruth wat oor rasgrense heen strek**, vertel./Bv. bl. 11: *Die Corporal het vertel dat hy 'n meisie in Vryburg ontmoet het. Ruth was haar naam*.
- **George en Chai se vriendskap/omgee vir sy vriend se welstand strek oor rasgrense heen** as George daarvoor sorg dat Chai drie maande langer betaal word as wat hy gewerk het./Bv. bl. 14: *Die Corporal, het oom Chai verder vir Ta Vuurmaak vertel, het gesorg dat ek drie maande langer betaal word as wat ek gewerk het omdat ek sy enigste vriend was.*

- **George help sy vriend Chai,** een van die Cape Boys, om werk by die dorpsraad te kry toe die oorlog verby is./Bv. bl. 16: *Nou laat ons skoonmaak en jou army-captain gaan sien, het ek gesê. Ons moet werk hê want ons moet leef.*
- **George se goeie vriendskapsverhouding met Chai word voortgesit** wanneer hy hom ondersteun en help om 'n erf vir Vatmaar se Sendingkerk te kry./Bv. bl. 31: *Jy weet George, Vatmaar het nie 'n erf uitgesit vir 'n kerkgebou nie. Nou vra ek jou mooi om met daardie company-commander van jou te gaan praat.*
- **George en Chai se vriendskap is baie heg, al is hulle van verskillende rasse**, want Chai hou die begrafnisdiens vir Ruth en hy is die enigste een wat vir George kan troos./Bv. bl. 42: *Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan./Bl. 42: Oom Flip het met 'n stadige skud van sy kop gesê: Die liefde ken nie grense nie.*
- **Chai se omgee/respek strek oor rasgrense**, daarom sê hy die Cape Boys aan om 'n graf vir die ouma wat doodgebrand het te laat grawe. Hy bid ook vir haar./Bv. bl. 8: *Sy het die ou vrou ingerol en die Onse Vader opgesê. Chai het dit saam met haar gesê.*
- **Oom Chai ervaar liefde vir sy medemens**, want hy raak ontsteld oor die afbrand van die boere se huise./hy sê vir Corporal Lewies dat hy nie meer boere se plase wil afbrand nie./Bv. bl. 9: *Ek weet nie wanneer Chai en die Corporal besluit het om die Queen se orders te verander soos dit hulle pas nie.*
- **Al is daar 'n groot ouderdomsverskil tussen Oom Chai en Bettie, gee hy vir sy familie se eer om**/is daarom bereid om met Bettie te trou om sy familie se eer en Bettie se eer te red./Bv. bl. 273: *Later het ons gehoor die kind se pa is een van oom Steven se seuns, 'n getroude man met kinders.*
- **Oom Chai probeer goed vir Bettie wees, al was hy aanvanklik nie lief vir haar nie** en maak die kind soos sy eie groot./Bv. bl. 281: *Oom Chai het teen die tyd geglo hy het Bettie lief en aan klein Job as sy eie gedink.*
- **Kenneth Kleinhans is 'n gekwalifiseerde** bruin ambagsman van Graaff-Reinet en **Kaaitjie Müller 'n ongeletterde**, armoedige bastermeisie wat lief vir mekaar geraak het./Bv. bl. 224: *My Kenny, was al wat sy in haar gedagtes gehad het. My Kenny. Partykeer het sy die naam hardop gesê sonder om na te dink.*
- **Kenny is lief vir Kaaitjie oor klasgrense heen**; Kenny het matriek voltooi, terwyl Kaaitjie nie kon lees en skryf nie./nog nooit met 'n mes en vurk geëet het nie./Bv. bl. 153: *En nou Kaaitjie – sy's nie geleerd soos hulle nie, maar sy ken die wêreld.*
- **Kenneth besluit om Kaaitjie te aanvaar ten spyte daarvan dat haar ma 'n dief is.** Hy probeer vir Tant Wonnie borg reël deur die prokureurs se telefoonnommers te kry en hul die volgende dag te skakel.
- **Die dood is nie die grens vir die liefde wat Kenneth vir Kaaitjie het nie,** hy is hartgebroke na Kaaitjie se dood**/**beywer hom vir die totstandkoming van die kliniek om Kaaitjie se nagedagtenis lewendig te hou./Bv. bl. 298: *Om die herinnering aan my geliefde lewendag te hou, wil ek graag 'n kliniek as nagedagtenis aan haar bou.*
- **Chetty, 'n winkelier, neem die brandarm Free-da sonder enige besittings in** nadat sy van haar omstandighede ontvlug./Bv. bl. 23: *Haar ma Free-da het haar stat in die tyd van die groot droogte verlaat. Sy was wees en het by mense gebly wat haar op die landerye laat werk het./Bl. 24: Sy liefde vir Ma Koelie het nooit oud geword nie en Vatmaar het dit geweet.*
- **Free-da en Chetty is ten spyte van hul rasverskille** lief vir mekaar./Bv. bl. 23: *Die mense van Vatmaar het gesê sy het haar man lief met die liefde waaroor daar in die Bybel geskryf staan.*
- **Die tema van liefde sonder grense hou die Septembers uit die tronk**. Settie lê valslik 'n klag van diefstal teen Tant Wonnie. Tant Wonnie verset haar nie en gaan gedweë saam met die konstabel./Settie vertel onwaarhede oor Tant Wonnie. As Tant Wonnie se liefde grense gehad het, kon sy Settie laat opsluit het vir hierdie onwaarhede, maar sy lewer geen kommentaar hierop nie./Bv. bl. 143: *Sy't haar madam se goue ring in Vatmaar gesteel, sarge*.

- **Tant Wonnie hoor dat Johnny die ring gesteel het, maar omdat haar liefde oor grense strek,** kla sy hom nie aan nie./Bl. 188*: So hý is die dief wat die trouring gesteel en verkoop het.*
- Die Septembers sou die hele pad vanaf Du Toitspan na Vatmaar moes stap. **Tant Wonnie se liefde strek egter oor grense van naasteliefde wanneer sy die Septembers se sjieling vir die rit op die kapkar betaal** al betoon die Septembers nie naasteliefde teenoor haar nie..**/**Bv. bl. 189: *Hier is 'n sjieling, Mineer Jones, sê sy. Laat hulle opklim.*
- Die Septembers se dors word geles. **Tant Wonnie deel haar gemmerbier met die mense wat haar byna in die tronk laat beland het**. Dit is beslis naasteliefde sonder grense, Tant Wonnie tree menslik teenoor die Septembers op terwyl hulle nie so teenoor haar opgetree het nie./Bv. bl. 189: *Gee die gemmerbier, sê Tant Wonnie vir Suzan.*
- **Miesies Wingrove se liefde vir haar (arm) medemens strek so ver dat sy die huis aan Tant Wonnie** verkoop vir dieselfde prys as waarvoor sy dit gekoop het. Miesies Wingrove weet dat Tant Wonnie nie kan bekostig om meer te betaal nie./Bv. bl. 239: *Hier is die koopbrief wat ek graag prokureur toe wil vat, Won, en ons hou dit op twintig pond.*
- **Miesies Wingrove weet hoe swaar Tant Wonnie kry** en sy besluit om die stoof in die huis te laat bly wat haar liefde bewys. Dit sluit aan by die tema van naasteliefde teenoor iemand wat swaarkry./Bv. bl. 240: *nou is ons kwiets, Won.*
- **Ma Khumalo en haar twee aanneemkinders se verhoudinge verteenwoordig liefde wat oor die grense van ras en geloof strek.** Sy is 'n Tswana-weduwee terwyl Borman van der Westhuizen 'n blanke seun en Mariam Mohamed 'n Moslemmeisie is./Bv. bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem.*
- **Ma Khumalo leef moederliefde uit** as sy alles wat sy het met Norman, wat nie haar biologiese kind is nie, deel./Bv. bl. 199: *Hy het haar uit sy hart uit Ma genoem, want hy het geweet sy het die plek van sy oorlede moeder ingeneem.*
- **Ma Khumalo se optrede teenoor Norman sluit aan by die tema van liefde wat nie grense het nie,** want sy het gesê Norman is wit en sy is swart – en saam maak hulle *Coloured*./Bv. bl. 203: *Hy Norman is wit en ek swart, ons maak Coloured.*
- **Ma Khumalo tree in onbaatsugtige liefde op as sy vir die vreemdeling Mariam Mohamed 'n heenkome bied** as Mariam deur haar ouers weggejaag word omdat sy swanger is./Bv. bl. 222: *Jy weet Tant Wonnie, hierdie ou swartvrou het dit alles vir my gedoen sonder om ooit te vra wat gebeur het of wat my naam is.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Eerstepersoonsverteller./Ek-verteller √<br><br>Die eerstepersoonsverteller/ek-verteller/Ta Vuurmaak vertel dit uit sy eie oogpunt./is subjektief in sy vertelling./Die jong seuns kan net oorvertel wat (Ta Vuurmaak) aan hulle vertel. √<br><br>sy waarheid √ | 1<br><br><br>1<br><br>1 |
| 11.2 | Ta Vuurmaak gee aan Vatmaar sy naam./is die eerste/oudste inwoner in Vatmaar. √ | 1 |
| 11.3.1 | Oom Chai √<br><br>Oom Chai neem gesteelde goedere van die plase wat vir latere gebruik in Vatmaar versteek word./<br>Alhoewel Ta Vuurmaak die goedere oppas, word dit nie met hom gedeel nie. √ | 1<br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.3.2 | Ta Vuurmaak dra nog verbande om sy been (al is die vleiswond genees) as hy nie lus is om sy deel as een van die *Cape-Boy*/tydens die oorlog te doen nie. √ | 1 |
| 11.4.1 | Uiterlike konflik<br>Oom Chai haat vir Boytjie Afrika wat te veel aandag aan Bettie gee./Oom Chai jaag vir Boytjie uit sy huis.<br><br>**OF**<br><br>Innerlike konflik √<br>Oom Chai kan nie meer by Bettie se jongmenslewe byhou nie, al wil hy./is spyt dat hy nie van Bettie verwag het om by sy lewe in te skakel nie. √ | 1<br>1 |
| 11.4.2 | Ja<br>Oom Chai beskerm sy familie se goeie naam./<br>Oom Chai wil graag vir oom Steven wys dat hy wat Chai is, tot die familie se redding kan kom./<br>Oom Chai is eensaam, 'n vrou kan sy eensaamheid verlig./<br>Oom Chai het nie eie erfgename nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Sy kleinneef behoort die verantwoordelikheid van sy dade te dra. √<br>Dis nie regverdig dat Oom Chai sy eie geluk vir familie opoffer nie. √<br><br>*Die kandidaat bied sy eie TWEE redes binne konteks van die roman vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.5 | Tydens die oorlog √ | 1 |
| 11.6.1 | Die Vatmaar-gemeenskap se versoek vir grond (om 'n kerk in Vatmaar te bou), is afgekeur. √<br><br>Vatmaar se inwoners kan die kerk in Du Toitspan bywoon. √ | 1<br>1 |
| 11.6.2 | Nee<br>Die gemeenskap het geld kollekteer om die hoekerf te koop./Hulle het dit nie net gevat omdat dit in onbruik is nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie Ja as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 11.7 | Elsa is die onderwyseres./hou skool vir die kinders van Vatmaar. √<br>Oom Chai sorg dat Elsa op Vatmaar as onderwyseres aangestel word./stel die sendingkerk tot beskikking van die skool. √ | 1<br>1 |
| 11.8 | Tant Wonnie is trots./hardwerkend. √<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke TWEE voorbeelde uit die roman vir EEN punt elk aan waar dieselfde eienskap getoon word, bv.*<br><br>Tant Wonnie werk hard as sy ander mense se wasgoed vir 'n inkomste was.<br>Tant Wonnie is te trots om haar geld by diegene te gaan haal wat haar nie betaal nie (want sy is nie 'n betelaar nie). √√ | 1<br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 11.9 | *Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan, bv.*<br><br>Ja<br>Tant Wonnie is een van Vatmaar se oudste inwoners./kweek trots./ samehorigheid by die inwoners./<br>Oom Chai as gerespekteerde inwoner noem haar só.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Tant Wonnie word nie deur die mense van Vatmaar respekteer nie. √ | 1 |
| 11.10.1 | Die mense van Vatmaar is nêrens anders/in Du Toitspan welkom as inwoners nie.√<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie antwoord en rede aan vir TWEE punte, bv.*<br><br>Tant Wonnie<br>Tant Wonnie word, as gevolg van haar Duitse bloed, nie in die wit gemeenskap opgeneem nie; sy vind blyplek in Vatmaar.<br><br>**OF**<br><br>Free-da<br>Free-da word nie deel van die Indiërgemeenskap nie omdat sy swart is,/al is sy met Chetty getroud, woon sy saam met Chetty in Vatmaar.<br><br>**OF**<br><br>Mary Mohamed √<br>Mary word deur Ma Khumalo aangeneem nadat haar eie mense nie plek vir haar het nie/haar wegjaag, sy word deur Ma Khumalo in Vatmaar aanvaar. √ | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1<br><br>1 |
| 11.10.2 | Dit is Corporal Lewis wat nie tuis voel om by sy eie of by Ruth se mense te bly nie./se keuse om op Vatmaar saam met Ruth te bly. √ | 1 |
| | | **[25]** |

## *ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen

## VRAAG 12: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| |
|---|
| Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.<br><br>• **Greg daag gesag uit wanneer hy sy gewete ignoreer en meegesleur word in die opwinding wat sy eerste besoek aan die onderwêreld van die kuberkraker meebring./** wanneer Eckhardt hom wys hoe hy "hack"./Bv. bl. 78: *Donker woorde, stikvol opwinding. Onderwêreld. Net die klank daarvan laat my hoendervleis kry.* |

- **Greg steur hom nie aan die wet** wanneer hy opgewonde is oor die wêreld van die kuberkraker waaraan Eckhardt hom blootstel nie en wil graag meer en meer weet./Bv. bl. 81: *In my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van gevaar ... Sal jy my leer?*
- **Greg is nie huiwerig om dieper in onwettige bedrywighede ingetrek te word nie/**neem die eerste tree in die onderwêreld in wanneer hy saam met Eckhardt 'n skuilnaam kies, want dit aktiveer sy verkeerde handelinge.**/**Bv. bl. 88: *Ekk-O. G-4ce*
- **Greg daag gesag uit wanneer hy hom nie aan die aanvoeling wat hy het dat hy met verkeerde dinge besig is, steur nie.** Hy weet sy pa sal nie daarmee tevrede wees nie./Bv. bl. 98: *Maar dis makliker gesê as gedaan as die onderwêreld jou naam ken en jou roep om te kom speel.*
- **Greg geniet die onderwêreld van die kuberkraker** wanneer hy die vrees dat hy uitgevang kan word, aanvaar. So daag hy gesag uit./Bv. bl. 80: *Hulle beweeg ongesiens in die onderwêreld en surface net as iemand hulle uitvang ... so fyn trap daar onder.*
- **Hoewel Greg bewus is daarvan dat hy in die tronk kan beland** wanneer hy deur die polisie ondervra word oor Eckhardt se verdwyning, **keer dit hom nie om sy onwettige bedrywighede voort te sit nie**. Dis 'n uitdaging van gesag./Bv. bl. 129: *Onthou, jy het computers gehack saam met Eckhardt. Dit is onwettig.*
- **Greg is so vasgevang in die onderwêreld van die kuberkraker dat hy nie kan stop nie**, want hy weet nou al te veel. Uitdaging van gesag het van hom besit geneem./Bv. bl. 155: *Nee, keer die onderwêreld se stem in my agterkop ... Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie.*
- **Greg ondermyn gesag as hy aan Eckardt se finale uitdaging** om 'n winkelgroep op die internet te kraak, gehoor gee./Bv. bl. 220: *daardie buzz. Die oomblik wanneer jy weet niemand kan jou nou stop nie! En jy weet jy sal nooit wil stop nie ...*
- **Greg daag die skoolreëls uit** wanneer hy dit waag dit om op sy eie na die skool se netwerkkamer te gaan./Bv. bl. 127: *Ek voel opeens tegelyk soos 'n rebel en 'n verraaier.*
- **Greg ervaar 'n vreemde rebelse opwinding** toe hy die eerste kuberkraakuitdaging baasraak./Bv. bl. 90: *Ek is nou so pumped. Ek wil sommer die volgende challenge aanpak.*
- **Greg kom in opstand teen sy pa se lewensingesteldheid**, want hy stem nie saam met sy benadering tot geld en mag nie./Bv. bl. 73: *Clones ... Daardie ewige rat race die wêreld vol, om soveel geld as moontlik te kry.*
- **Greg daag sy pa se gesag ui**t omdat hy weet/geïrriteerd is dat die manne na mekaar se belange kyk./*Bv. bl. 49: Maar as jy jou pampoenbril afhaal en realisties na hierdie waglys kyk, sou jy besef dat die meerderheid name daarop nie naastenby kwalifiseer vir die ongeskrewe kriteria wat gestel word nie.*
- **Greg kom in opstand teen sy pa se mag oor hom** en maak sy frustrasie aan sy vriende bekend./Bv. bl. 70: *Hulle breinspoel ons sodat ons mooi moet glimlag, die regte dinge doen en sê. En in pappa se voetspore kan volg, voltooi ek die sin./*Bv. bl. 74: *... ons ouens is pionne, jy lyk nes die pion langs jou. Heeltemal vervangbaar. En iewers in hierdie skaak-game kan iemand besluit hy gaan jou offer.*
- **Greg word kwaad vir sy pa wanneer hy oor sy toekoms praat**, want hy meen sy pa misbruik sy gesag om hom in 'n toekoms waaroor hy nog nie behoorlik gedink het nie te dwing./Bv. bl. 47: *Ek het beter verwag van jou, praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. Ruggraat! Kry een! Nie soos ...*
- **Greg kom in opstand teen sy pa se onregverdige verwagtinge** en meen sy pa druk hom om akademies te presteer./Bv. bl. 55: *As dit nie was dat my pa my so gedruk het nie, het ek ook nie 'n duiwel omgegee vir skoolwerk nie. Maar ek doen dit om hom van my rug af te hou.*
- **Greg is kwaad omdat hy vasgedruk voel deur sy pa se konstante druk en verwagtinge**, want hy mag nie sy eie besluite neem nie./Bv. bl. 107: *Is dit hoe John gevoel het? So magteloos, in 'n hoek vasgekeer?*

- **Greg daag sy pa se besluit om die voëlgriepvirus te gebruik om geld te maak,** uit en besef dat die onderwêreld boos is./Bv. bl. 191: *Dit gaan alles net oor geld. Bottom line. En omdat dit oor geld gaan, sal die mense wat die hoogste prys kan betaal, eerste gehelp word. Dit is die armes wat sal sterf.*
- **Greg kom in opstand teen die vraatsug na geld en die mag wat daarmee saamgaan.** Hy kom dus tot die gevolgtrekking dat kuberkrakery nie die eintlike onderwêreld is nie./Bv. bl. 191: *En uiteindelik is dit die onderwêreld, is dit nie? Die wêreld van geld is boser as enigiets wat 'n hacker sal kan aanvang.*
- **Greg daag eindelik sy pa se totale gesag uit** wanneer hy hom en Dok Pienaar aan die pen laat ry oor die voëlgriepskandaal./Bv. bl. 222: *Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaarskeur.*
- **Greg daag die skool se gesag uit wat besluit Eckardt se verdwyning moet stilgehou word**, want hy kan nie met hul onverantwoordelike besluite saamstem nie./Bv. bl. 73: *Is hulle so gesteld op die skool se image dat hulle een van die leerders se verdwyning gaan stilhou en vir die wêreld voorhou dat alles oukei is? En dat hulle ons ook gebruik in hierdie spel van hulle?*
- **Greg daag Dok Pienaar se gesag uit wanneer hy weier om aan die rugbywedstryd deel te neem** omdat die skool Eckardt se verdwyning wil stil hou./Bv. bl. 105: *Net soos 'n bom wat ontplof. Bloed en skerwe oral.*
- **Greg skroom nie om Dok Pienaar as die meesterbrein agter die bedrywighede van die farmaseutiese maatskappy wat virusse kweek om 'n mark vir hul teenmiddel te skep, te ontmasker nie,** want hy wil hom laat boet vir sy onwettige dade./Bv. bl. 117: *Die main peanut in die pakkie, kompleet met sy blink voorkop en fake smile: Dok Pienaar.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[25]**

## VRAAG 13: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Na 'n stap/die volgende stap in kuberkraking √ | 1 |
| 13.2 | Nee<br>Greg se pa is oneerlik oor sy maatskappy se betrokkenheid by *Project Nursery Rhyme.* √<br>Dok Pienaar is oneerlik oor sy aandeel in die vervaardiging van die virus. √<br>Eckardt is oneerlik oor sy gesin./skep 'n vals profiel by die skool./as hy as leerling by Lawson Kollege inskryf./is by kuberkrakery betrokke. √<br><br>*Die kandidaat kan nie Ja as antwoord aanbied nie.* | <br><br>1<br>1<br><br>1 |
| 13.3 | Ja<br>Dit is nie maklik om Eckardt op te spoor nie, want hy manipuleer die leidrade wat gebruik kan word om hom op te spoor.<br>Greg moet die *hacking-lesse* toepas wat hy by Greg geleer het, wat die soektog na Greg moeisaam maak.<br>Greg vind die waarheid oor sy pa en Dok Pienaar se betrokkenheid by die onderwêreld van leuens uit wat nie maklik vir hom is om te aanvaar nie./<br>Die gevolge van Eckardt se verdwyning het 'n negatiewe invloed op Greg se gesinslewe toe die waarheid (t.o.v. Eckardt se wraak oor sy pa/Greg se pa se aandeel in die korrupsie) ontbloot word.<br>Die polisie kon aanvanklik nie 'n deurbraak maak in die saak nie, (totdat TJ inligting aan die polisie gee). √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*<br><br>'n Prentjie/MMS van 'n wit hoed √ | <br><br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>2<br><br><br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.4 | Greg | 1 |
| 13.5 | Greg weier om die rugbywedstryd te speel terwyl Dok Pienaar verwag dat die sportdag voort moet gaan soos wat beplan is./Greg wel in die rugbywedstryd moet speel./<br>Greg daag die skoolhoof uit om Eckardt se verdwyning bekend te maak terwyl Dok Pienaar nie Lawson Kollege se reputasie gaan skaad nie. √<br><br>Nee<br>Greg verlaat die sportveld en Dok Pienaar gaan voort met die rugbywedstryd./ Die konflik lei tot verdere konflik tussen Greg en sy pa aangesien Dok Pienaar die saak met Greg se pa bespreek.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Uiteindelik word die konflik opgelos as die polisie vir Dok Pienaar in hegtenis neem vir sy misdadige optrede. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.6 | Clarens/by die galery √<br>Greg is bly om Eckardt/sy vriend te sien, maar ervaar konflik/ontnugtering wanneer hy besef hy is die slagoffer van Eckardt se *social engineering attack.* √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie gemotiveerde mening aan, bv.*<br>Ja<br>Die (uiterlike konflik) word opgelos wanneer Greg en Eckardt in 'n vuisgeveg betrokke raak.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die (innerlike) konflik is nie opgelos nie, want Greg is met meer vrae (oor sy familie) gelaat wat nie beantwoord is nie. | 1<br><br>1<br><br><br>1 |
| 13.7 | Eckardt wou wraak neem op Greg/sy familie vir sy pa se selfdood. √<br>Hy wou Greg se pa se betrokkenheid by project Nursery ontbloot. √<br><br>Detail is belangrik./As die beplanning goed is, raak die aanval makliker. √ | 1<br>1<br><br>1 |
| 13.8 | Eckardt is 'n manipuleerder./gewetenloos. √<br>Greg is goedgelowig./naïef. √<br><br>Greg<br>Hy is spyt oor die keuses wat hy uitgeoefen het./wil vir sy pa jammer sê./gaan die waarheid aan die polisie oordra. √√<br><br>*Die kandidaat bied soortgelyke redes vir die karakterontwikkeling vir EEN punt elk aan.* | 1<br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.9 | Ek-verteller/Eerstepersoonsverteller √<br>Die ek-verteller/eerstepersoonsverteller weet nie wat die beweegredes vir ander karakters is nie./kan die verhaal slegs uit eie perspektief vertel. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke nadeel vir EEN punt aan.* | 1<br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 13.10 | Dok Pienaar √ | 1 |
| 13.11 | Ja<br>Greg is soos 'n dassie in die son as hy op sy rekenaar werk, 'n maklike prooi vir Eckardt wat 'n *keylogger* installeer het om te weet wat Greg doen./<br>Eckardt is die onderduimse lammervanger wat op soek is na die karkas van Greg./<br>Eckardt misbruik sy vriendskapsverhouding met Greg op soek na vergelding. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

## *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small

## VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Johnnie is 'n verbitterde karakter**, want hy kan ten spyte van sy matriekkwalifikasie/as gevolg van die Apartheidstelsel nie 'n goeie werk kry nie./Bl. 31: *'it was alles vir whites only …*
- **Johnnie Jacobs soek na identiteit/wil iewers behoort,** daarom sluit hy by bendes op die Kaapse Vlakte aan.**/**Bl. 31: *'Cause ek wil somewhere gebelong het?*
- **Die onskuldige skoolseun, Johnnie, ontwikkel na 'n bendelid wat die naam Map kry** omdat hy vol tatoeëermerke is wat 'n sigbare teken van sy lewe as gewelddadige bendelid en -leier is./Bl. 45: *'Cause hulle kan sién waarvandaan jy kom, jou history is op jou arms, op jou lyf, op jou nek, op jou gesig even ... jou history en jou geography, jou ... alles!*
- **As bendeleier geniet Map die identiteit waarna hy gesmag het, want sy bendelede spreek hom as "Chief" aan./**Bl. 32: *Ek was altyd die leader .../Bl. 33: Say the word, sê Gappie Martin, en hy sê vir my "Chief" …*
- **In die bende toon Map leiereienskappe** omdat hy die leier van drie bendes word./Bl. 32: *Ek was altyd die leader ...*
- **Aanvanklik neem Map nie verantwoordelikheid vir sy dade (nl. dat hy toestemming verleen vir die verkragtings) nie** omdat hy verskonings aanbied soos die donker en dat hy slegs toestemming vir roof verleen het./Bl. 33: *Daai's al order wat ek gegie het, as die leader ... innie begin, ek mien …*
- **Tydens die verkragtings besef Map wie die vroue is en hy tree anders as die gewelddadige bendeleier op,** want hy trek vir Ivan Philander van die vroue af./probeer die vroue help./Bl. 34: *Die next oomblik was ek op hom, ek het daai oomblik nie gewiet eers wie wás 'it nie. Ek swaai hom net van haar af, ...*
- **Map aanvaar die verantwoordelikheid vir sy dade** omdat hy self, onmiddellik, na die polisiestasie gaan en hom oorgee./Bl. 35: *Ek het myself op-gegie. Ek het getry om 'it ... soes 'n man te vat ...*/Bl. 35: *Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net. Toe hou ek my hande yt …*
- **Map dra aanvanklik nie die gevolge van sy vorige dade as bendelid en -leier nie** omdat hy hom slegs oorgegee het vir Ivan Philander se dood./nie melding maak van die verkragtings nie. Later verander sy siening en optrede./Bl. 35: *Ek het vir Ivan Philander doodgestiek, nou net*.
- **Map se karaktergroei is duidelik terwyl hy in die tronk is**, want Apostel George help dat hy hom bekeer./Bl. 10: *Ek en die Apostel, ons bid saam hierso binnekant, hý het die Here vir my gebring ...*
- **Tydens 'n terugflitstoneel in die tronk dink Map aan sy en Blanchie se verhouding en hy dink aan die naam Johnnie**; dit dui op die moontlike terugverlang na die onskuldige dae toe hy nog as Johnnie bekend gestaan het./die lewe betreklik eenvoudig was./Bl. 15: *Johnnie ... Klink mooi, Johnnie ... Johnnie ...*

- **Map lê die lewe van die misdadiger af,** want hy wil die waarheid oor die aand se gebeure vertel sodat hy volkome genade kan ontvang./Bl. 29: … *lat ek moet ytpraat, om die exact waarheid van daarie aand te vertel, net soes 'it was ...*
- **Map groei verder wanneer hy in die teenwoordigheid van sy ma en die Apostel George erken/bely dat hy voorheen verkeerd opgetree het** omdat hy erken dat Cavernelis reg was in sy oordeel ten opsigte van Map./dat die opdrag wat hy gegee het om die vroue te verkrag, verkeerd was./Bl. 11: *Hy't later gedink ek is rubbish, ek wiet. Sê vir hom ek wás rubbish, Ma, maar ek is annerste!*/Bl. 33: *O God, vergewe my!*
- **Map noem dat Blanchie (en by implikasie die ander karakters) nie meer vir hom bang hoef te wees nie**, want hy het verander (het as karakter ontwikkel) en tree nie meer soos 'n bendeleier/-lid op nie./Bl. 10: *ek is 'n anner man, ôldou ek is of course oek nog Map Jacobs ...*
- **Map bely dat hy nou bevry is** omdat hy 'n kind van die Here geword het./Bl. 10: *Ek het nooit gewiet dit kan só wies nie. Die Here Jesus, Hy maak vir jou werklik vry!*
- **Apostel George bevestig Map se verandering teenoor Antie Grootmeisie,** want hy het nou die Here in sy lewe toegelaat./Bl. 28: *Missies Jacobs, die Here het jou seun aan jou teruggegee ... Die Here het vir hom gevat en vir hom ge-verander!*
- **Map verander ná sy bekering sodat hy weer die seun is wat Antie Grootmeisie geken het**, omdat hy die verkeerde in sy lewe aflê./Bl. 29: *Map Jacobs kom huis toe, missies Jacobs, dieselfde Map Jacobs, maar nie dieselfde Map Jacobs nie, want hy is skoon gewas ...*
- **Na sy bekering tree Map anders op as toe hy die bendeleier was,** want hy vra die genade van die Here./Map bely die verkeerde wat hy gedoen het./vra die Here om hom te verander./Bl. 30: *So ek moet sê: Hier is ek, Map Jacobs, skullag is ek, Here, en laag en vuil en vieslik, veranner my, change my, Here! Lord, here am I ... Vat my, en maak moet my soes wat U wil!*
- **Map se gedrag in die tronk/vrylating is reeds 'n bewys van sy veranderde menswees**, want hy word na net sewe jaar (van die twaalf) vir parool in aanmerking geneem./Bl. 9: *Sy sê parole is nou due vir my ... ek kom yt …*
- **Map ontwikkel na iemand wat verantwoordelikheid vir sy verkeerde dade/besluite aanvaar**, want hy bely teenoor Antie Grootmeisie en vra haar om verskoning./tree na sy tuiskoms anders op teenoor mense wat hom koggel./is bereid om enige werk te doen./vergewe vir Blanchie./Bl. 45: *Ek het my goed gedra, ek was jammer oor alles ...*/Bl. 42: *Maar Map sê niks*./Bl. 46: … *ek het shit aangevang … en ek is sorry, Blanchie … ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer mens geword … Ek wil nie weer shit aanvang nie!*
- **Die verwagting wat gekoester word van wat Map aan die karakters/gemeenskap sal doen wanneer hy vrygelaat word, realiseer nie**, want hy noem dat hy daarop voorbereid is. Die ou Map sou teen die persone opgetree het indien hy van mening is/was dat hulle hom verkeerd behandel; hy het dus as karakter ontwikkel./Bl. 46: *Ma! Die band net so, Oompie Paulsen-hulle ... even hulle net so, dieselde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou 'n naam gee ...*
- **Nadat Map aanvanklik (as Johnnie) gevoel het dat hy te goed is om 'n *messenger* te wees, verander sy ingesteldheid**, want hy is nou bereid om enige soort werk te doen./Bl. 10: *Ek moet 'n werk kry, sy sê sy's besig om vir my yt te vind, ek het gesê vir haar enige soorte werk, 'it maak nie saak wat nie ... Dit maak nie saak nie ... Ek wil net daai kans hê, om te wys ... lat ek 'n annerste man is …*
- **In Map se gesindheid teenoor die werkgewers openbaar hy karakterontwikkeling**, want waar hy hulle voorheen as *white bastards* uitgeskel het, bly hy nou taktvol stil teenoor die werkgewers wat hom nie 'n kans wil gee nie./Bl. 45: *maar dan bly ek stil ... banggat wat ek is, dan bly ek stil.*
- **Map noem dat hy nie meer die ou is wat Blanchie op skool geken het nie**, want hy het verander./Bl. 46: … *ek was nie meer die ou wat jy op skool geken het nie, ek het 'n regte vark geword, maar nou, ek het weer ge-change, ek het weer 'n mens geword ...*
- **Map kom tot die insig dat hy nie vir Blanchie kan blameer vir die aborsie nie,** want hy is self 'n misdadiger en het nie die reg om haar/ander te oordeel nie./Bl. 46: *jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niets ... soes niks ...*

- **Blanchie noem Map op sy oorspronklike naam, Johnnie**, want sy ken hom as die goeie man op wie sy verlief geraak het en hy is weer daar om haar te ondersteun./Bl. 59: *Johnnie ... hy word nooit so nie, hy't nog ... nooit ... nog ... so ... Johnnie ... gekyk nie ...*
- **Die drama eindig met die woorde van Antie Grootmeisie waar sy hom op sy geboortenaam noem,** want Map het karakterontwikkeling ondergaan en hy is nou nie meer Map die bendeleier nie./Bl. 62: *Johnnie ...*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

**[25]**

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | (Map is in) die tronk √ | 1 |
| 15.2 | Map verleen toestemming vir die verkragting van die vroue.<br>Sy Ma is stom na die aand se gebeure.<br>Map se suster/Klein-Meisie word verkrag./is dood. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 15.3 | Map se bekentenis van die aand se gebeure is die begin van die proses van vergifnis/aanvaarding wat in die ontknoping plaasvind. √ | 1 |
| 15.4 | Die toneelaanwysing/neweteks gee aan die leser/kyker inligting oor Antie Grootmeisie se optrede./hartseer./<br>Die toneelaanwysing/neweteks dui die omstandighede van Antie Grootmeisie aan.√ | 1 |
| 15.5 | Apostel George help Antie Grootmeisie met die vergifnisproses./verenig Ma en seun./help Antie Grootmeisie om Johnnie weer terug te kry. √<br><br>Apostel George dra by dat Map hom nie op die gemeenskap wreek nie./dat die gemeenskap nie meer hoef te vrees dat Map wraak gaan neem/moeilikheid gaan veroorsaak wanneer hy vrygelaat word nie./dat die gemeenskap nie meer die gewelddadige bendeleier hoef te vrees nie. √ | 1<br><br>1 |
| 15.6 | Hy is bereid om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar./streef daarna om die regte dinge te doen/is oorgehaal om te verander. √<br><br>Vredemaker (met Blanchie en sy ma).<br>Nuuskierigheid<br>Sin vir geregtigheid<br>Selfversekerdheid<br>Deursettingsvermoë √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE karaktereienskappe van Map uit die drama vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 15.7 | Terwyl Map Kaapse Afrikaans praat, praat Cavernelis Bolandse Afrikaans. √<br><br>Cavernelis se gebruik van Bolandse Afrikaans veroorsaak konflik met die inwoners van die Kaapse Vlakte wat hom vanweë sy taalgebruik as hoogmoedig beskou. √<br>Maud se gebruik van Engels (eerder as Afrikaans) veroorsaak konflik met die inwoners van die Kaapse Vlakte wat haar vanweë haar taalgebruik as hoogmoedig beskou.√ | 1<br><br>1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 15.8 | Blanchie het 'n brief ontvang waarin sy ingelig word dat sy nie meer 'n kontrak het om in Parys modelwerk te gaan doen nie. √<br><br>Die brief beteken die einde van die Cavernelisse se plan om uit die township te ontsnap./dis die verwoesting van die Cavernelisse se droom vir 'n beter toekoms vir hul gesin. √<br><br>Ja<br>Dit lei eindelik (na baie hartseer) tot Blanchie en Map se versoening.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Cavernelis pleeg selfmoord (wat Blanchie sonder 'n pa laat). √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.9 | Die tema van uitsigloosheid/om in jou omstandighede vasgevang te word. √<br><br>*Die kandidaat formuleer 'n eie soortgelyke boodskap uit die tema, bv.*<br><br>Ek moet begrip hê vir mense wat hulle in sulke omstandighede bevind./Dit maak nie saak hoe hard iemand probeer nie, dit is baie moeilik om van jou omstandighede te ontsnap. √ | 1<br><br>1 |
| 15.10 | Cavernelis besef vir die eerste keer dat 'n uitkomkans nie bestaan nie – (vroeër was hy selfversekerd daaroor). √<br>Cavernelis is verpletterd/kwaad toe hulle die brief ontvang dat Blanchie nie meer modelwerk in Parys gaan doen nie. √<br><br>Die leser sou verwag dat Maud vir Blanchie in haar hartseer ondersteun, maar sy is onsimpatiek/lelik/negatief (wanneer sy sê sy het geweet dit gaan nie uitwerk nie.) √<br><br>Die leser sou ook verwag dat Maud haar man in sy wroeging ondersteun, maar die leser sien dat sy hom nog slegter oor homself wil laat voel./hom wil laat verstaan dat hy hul nie uit die township kan bevry nie./dat hy haar ook al die jare net gebruik het./nie werklik liefgehad het nie. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die saak vir EEN punt aanbied.* | 2<br><br>1<br><br>1 |
| 15.11 | In TEKS J heers 'n verbitterde/histeriese/onrustige stemming, terwyl die stemming in TEKS I vergewensgesind/verdraagsaam/innig is. √ | 1 |
| 15.12 | Ja<br>Die brief was die beëindiging van Cavernelis se droom om sy gesin uit die township te bevry./<br>Die modelkontrak was Cavernelis se laaste hoop om sy gesin uit die township te kry./<br>Maud het Cavernelis laat glo hy sal hul nooit uit die township bevry nie./<br>Blanchie het gesê alles is Cavernelis se skuld./<br>Cavernelis het sy skuld aan Blanchie se uitbuitery besef.√√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 2 |
| | | **[25]** |

## *MIS* – Reza de Wet

## VRAAG 16: *MIS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**
- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf 'n gepaste inleiding.

- **Meisie se afgesonderde bestaan/armoedige lewensomstandighede veroorsaak dat sy as 'n introvert voorkom,** want sy erken dat sy in die vorige jaar slegs een besoek ontvang het./Bv. bl. 26: *Laas jaar het Danie Venter kom kuier*./Bl. 26: *Die stank … en die vieslike vlieë. Swerms vlieë. En brommers.*/Bl. 26: *En dis hoekom niemand wil kom kuier nie.*
- **Meisie openbaar 'n soort gelate aanvaarding van die voortdurende werk waarvoor sy verantwoordelik is,** want sy antwoord haar ma dikwels nie./het al weggeloop sirkus toe./Bv. bl. 26: *My ma sê dit hou ons aan die lewe. Die mis. (Skielik hard, byna histeries) Maar dit stink*!
- **Meisie is opstandig/ontevrede/ongelukkig oor die moeilike omstandighede waaraan sy uitgelewer is,** want sy leef in 'n huis waar haar ma die hoof en broodwinner is terwyl haar pa hom reeds vir sewe jaar aan die wêreld onttrek het./in die solder wegkruip wat haar opstandig/ontevrede maak./Bv. bl. 7: *En jy moet vinniger werk. Jy sal nooit klaarkry nie*./Bl. 31: *Vir sewe jaar het ek hom nog nie met 'n oog gesien nie.*/Bl. 27: *Ek kry my werk nooit klaar nie. Elke dag is als vol stof… Ek vee en stof, vee en stof, maar dit help nie … Eers was my hande sag.*
- **Meisie is op die oog af 'n gehoorsame dogter**, want haar ma dwing haar om gehoorsaam te wees./manipuleer haar tot gehoorsaamheid./misbruik haar gesondheidsituasie om Meisie gehoorsaam te hou, maar Meisie word 'n ongehoorsame dogter as sy saam met Konstabel wegloop./Bv. bl. 7: *Destyds het jou ongehoorsaamheid my diep gegrief. Jy onthou seker hoe siek ek was … Dit het my 'n knou gegee! Van toe af voel ek baie erger!*
- **Meisie ontwikkel in 'n karakter wat daarna smag om haar eie besluite te neem/weg te breek**, want sy het nie 'n gemaklike/gemoedelike/oop verhouding met haar ma nie./haar ma is te dominerend./haar ma gun haar nie 'n doodgewone jongmenslewe nie./sien in onskuldige nuwe goed gevaar./die bose. Daarom loop sy een nag skelm weg./Bv. bl. 7: *Dit is 'n euwel!!!*/Bl. 5: *Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê?*/Bl. 12: *Sien! Dis nou net wat ek bedoel.*/Bl. 13: *So mooi en welgeskape maar altyd met 'n lang gesig.*/Bl. 28*: Moet tog nie vir my ma sê nie, asseblief./Bl. 28: Om te dink, is om te doen.*
- **Meisie se ontwikkeling is sigbaar in haar verset/opstand** wanneer sy weier om 'n vingerhoed te dra./Bv. bl. 4: *Ja, jy wil mos nie 'n vingerhoed gebruik nie.*
- **Meisie word 'n karakter met 'n intense smagting na vryheid/opwinding buite die huis/ eksotiese sirkusatmosfeer en -liggies/'n gewone jongmenslewe**, want sy loer aanhoudend deur die venster na die liggies./is ingestel op die sirkusmusiek ten spyte van haar ma se opdrag./Bv. bl. 7: *En dan wil jy nog kyk*!/Bl. 21: *Vir wat staan jy by die venster? Kom sit en maak jou sak klaar.*
- **Meisie verloor toenemend haar skugterheid,** want sy sien in Konstabel 'n vriend wat bereid is om haar te help./iemand wat sy kan vertrou./Bv. bl.18: *Meisie hou Konstabel onderlangs dop.*
- **Meisie raak weerloos teenoor die uitnodigende/belangstellende/innemende/geduldige Konstabel**, want sy vertel hom van haar nuuskierigheid oor die sirkus en die gebrek aan manlike geselskap./Bl. 26: *Ek is nie gewoond aan mense nie./Laas jaar het Danie Venter kom kuier.*/Bl. 28: *Nou goed, ek sal vir u vertel ...*

- Miem se opdrag aan Meisie om Konstabel toe te laat om aan haar te vat/haar gesig aan te raak, **laat Meisie sensueel ontwaak./voer Meisie mee sodat sy die aanraking geniet./is die begin van Konstabel se subtiele verleiding van Meisie**./Bv. bl. 37: *Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte ...*/Bl. 38: *Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor.*
- **Meisie besef die moontlikheid van 'n ander bestaan/'n bestaan waarin sy iémand kan wees wanneer Konstabel haar na haar naam vra./haar op haar naam aanspreek**, want vir die eerste keer kry sy erkenning as mens in eie reg./word sy iemand met 'n naam en identiteit van haar eie./iemand wat gereken word./maak iemand haar van haar vrouwees bewus./sê iemand vir haar dat sy mooi is./Bv. bl. 27: *Jy't 'n mooi naam, Margareta*./Bl. 50: *En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi.*
- **Meisie ontwikkel van 'n identiteitlose jong meisie** na 'n jong vrou met identiteit, 'n jong vrou wat gevlei voel wanneer Konstabel haar op haar naam noem. Bl. 27: *Jy't 'n mooi naam, Margareta*.
- **Meisie word toenemend bewus van 'n moontlike ontvlugting uit haar omstandighede** wanneer haar ma haar toelaat om saam met die konstabel buite die huis te gesels./Bv. bl. 37: *Maar natuurlik, Konstabel. Met graagte ...*/Bl. 38: *Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor./*Bl. 39: *MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur. Van die inhoud spat uit*./Bl. 40: *Daar's niks mee verkeerd nie. Hy is 'n gawe jong man*./Bl. 40*: MEISIE lei die KONSTABEL binne. Haar wange gloei en haar oë blink.*
- **Meisie kies om toe te gee aan haar behoefte aan vryheid wanneer sy Konstabel se uitnodiging om weg te loop, aangryp./as uitkoms beskou**, want sy wil juis wegbreek van haar gebonde/onopwindende lewe na 'n opwindender bestaan./Bv. bl. 51: *Terwyl sy na hom kyk, haal sy haar hande van haar ore af en laat haar arms sak. Sy beweeg haar kop effens op maat van die musiek. Dan begin sy fyn danspassies uitvoer …*
- **Meisie se groei word duidelik wanneer sy die geleentheid gebruik om vir die eerste keer in haar lewe self 'n besluit te neem./'n keuse uit te oefen sonder die vrees vir haar ma se gesondheid**, want sy dartel saam met Konstabel by die agterdeur uit./Bv. bl. 51: *Sy begin nou deur die kamer dans. Haar dans word uitbundiger. Sy lag en dans om en om die tafel.*
- **Hoewel Meisie aanvanklik steeds van die boosheid van die musiek/haar ma se houvas op haar bewus is, groei sy tot 'n jong vrou wat Konstabel se opdragte** (kaalvoet, in haar aannemingsrok, nadat Miem en Gertie kamer toe is) **uitvoer**, want sy pleit by Konstabel om die venster toe te maak./Bv. bl. 51: *Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief.*
- **Meisie raak 'n dansende marionet**, want die hofnar lei haar met die sirkusmusiek by die agterdeur uit na 'n wêreld weg van haar omstandighede. Sy het dus totaal verander/ gegroei./Bv. bl. 51: *Konstabel maak die gaasdeur oop en sit 'n klip daarvoor*./Bl. 52: ... *en wys haar met 'n sjarmante handgebaar by die deur uit.*

Die kandidaat verskaf 'n gepaste slot.

## VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | Hulle is arm./leef armoedig/afgesonderd. √<br>Na die Depressie het hulle uitgeboer./alles verloor. √ | 1<br>1 |
| 17.2 | Ja<br>Sy wil nie hê Gabriël moet hoor nie./wil nie die indruk skep dat sy nuuskierig is nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.3 | Sy wil weet hoe dit met Gabriël gaan./weet of Gabriël in die solder oorleef. √<br><br>Miem weet nie eintlik nie./het geen interaksie/kommunikasie met Gabriël nie. √ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.4 | Dis 31 Augustus (1936). √<br><br>Gertie is nie jonk nie./is 'n oujongnooi./Die meisies wat verdwyn, is almal jonk terwyl Gertie middeljarig is. √<br><br>Sy is (soos Sannie Koen en Rienie Pieterse) ook ontevrede./ongemaklik met haar omstandighede./wil graag bevry word. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.5 | (Ten spyte van haar onrus) laat sy 'n onbekende/vreemde in die huis toe./<br>Sy smeer vir Meisie aan die vreemde konstabel af./<br>Sy laat toe dat Meisie en die konstabel buite onder die boom staan en gesels./<br>Sy is nie ingestel op die bedrog van die konstabel nie./kyk sy valsheid mis./<br>Sy en Gertie gaan slaap houtgerus. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE bewyse aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 17.6 | Ja<br>In die eksposisie word die gevaar/verdwyning van jong meisies/vrees vir 'n moordenaar/verkragter/ontvoerder baie duidelik uitgespel. √<br>Volgens die eksposisie van die drama is Meisie geheel en al uitgelewer aan haar ma vir haar veiligheid./haar optrede./haar doen en late. √<br>Uit die eksposisie blyk dit reeds dat daar nie 'n man in die huis is om hulle te beskerm nie./dat Meisie se pa in die solder wegkruip. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br>1<br>1 |
| 17.7 | Hy kom hulle nie beskerm nie – hy is juis die gevaar.<br>Juis omdat hulle so afgesonderd bly, is hulle 'n maklike prooi./sagte teiken.<br>Hy is beslis nie gestuur nie – hy het hulle uitgekies. √<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die ironie vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 17.8 | Konstabel se koms na die huis sit die bal/gebeure aan die rol./dra by tot die toenemende spanning./veroorsaak dat die drama se handeling en ontwikkeling kan plaasvind. √ | 1 |
| 17.9 | Dit beklemtoon die onheil wat steeds buite dreig./<br>Dit bevestig die teenwoordigheid van gevaar/onheil buite.<br>Dit skep die illusie dat die gevaar buite die huis dreig.<br>Dit laat die spanning momenteel afneem omdat die honde (by die polisielede) wegbeweeg. √ | 1 |
| 17.10 | Ja<br>Meisie se handeling dui aan dat sy na vryheid/opwinding/avontuur/'n normale jongmenslewe buite die huis smag./betower word deur die sirkusliggies en/of sirkusmusiek./<br>Dit toon aan dat Meisie na bevryding van haar huislike omstandighede smag./<br>Dit skep die verwagting dat Meisie se bevryding iets met die sirkus te make moet hê. √<br><br>Dit beklemtoon die tema, nl. dat mense dikwels na bevryding van hulle omstandighede smag.√ | 1<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 17.11 | Sy wil graag hê dat Meisie moet gaan slaap sodat sy alleen met Konstabel kan kuier. √<br><br>Valsheid √<br><br>Miem het voorgegee dat sy nie in die sirkusfratse belangstel nie terwyl sy doodnuuskierig was. √<br>Miem het voorgegee dat sy Meisie se belange dien deur haar aan die Konstabel af te smeer terwyl sy gehoop het dat sy Gabriël kan terugkry. √ | 1<br><br>1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.12 | TEKS K:<br>Iemand word vermis/Meisies het verdwyn./Hulle vrees dat daar weer iemand vermis gaan raak. √<br><br>TEKS L:<br>Hulle mis die feit/kyk dit mis dat Konstabel hulle mislei./bedrieg./<br>Hulle kyk verkeerd na die teenwoordigheid en beskerming van Konstabel.√<br><br>Bemesting/Meisie en Miem werk daagliks met perde-, vark- en beesmis. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 5–6 | 4 | 3 | 2 | 0–1 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>6 PUNTE | Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en gedig | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en gedig duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en gedig | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp<br>-Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie<br>-Onvoldoende begrip van genre en gedig | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Geen verwysing na die gedig nie<br>-Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 4 | 3 | 2 | 1 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>4 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek<br>-Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry | -Duidelike struktuur en logiese vloei van argument<br>-Vloei van argumente kan gevolg word<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel<br>-Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie | -Struktuur swak<br>-Ernstige taalfoute<br>-Foutiewe styl |

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD | 12–15 | 9–11 | 6–8 | 4–5 | 0–3 |
| Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | -Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | -Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | -Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | -Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | -Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL | 8–10 | 6–7 | 4–5 | 2–3 | 0–1 |
| Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | -Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | -Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | -Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | -Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | -Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

Kopiereg voorbehou